Matieland

2:82

Matieland

Jaargang 26
Augustus 1982

3 Redaksioneel
3 Fokus op . . .
4 Bosbou-opleiding 'n halfeeu oud
6 Nuwe kursusse in opvoedkunde
7 Sielkundige dienste vir die publiek
7 Dosent in Presidentsraad
8 Eerste kongres oor rekenaars in die onderrig
10 Ryke oes van Akademie-pryse
13 Wynkundiges word in die VSA vereer
14 30 years of food science training
16 Rewolusionêre, nuwe bootromp
18 Meer kennis oor siekte wat ontwrig
18 Seemonster van US is uniek
20 NOK-baas word lid van die Raad
21 Dekaan by kongres in Rusland
22 Oom Paul perdfris op 86
23 Ernst van Heerden en Stellenbosch
24 Gebou kry dr. Gericke se naam
25 Ou bibliotekie word bewaar
26 STELLENBOSCH 2000 by R5 miljoen-kerf
28 Saamtrekke vir fonds
30 Byeenkoms op Somerset-Wes
31 Oorkant die Vaal
32 In memoriam
33 Aangestel en bevorder
35 Award to former dean
35 Intreeredes by Ingenieurswese
37 Oud-studente en -dosente word vereer
38 Van Maties en Moskou tot Qwaqwa
40 76-jarige praat vlot Latyn
40 Briewe aan *Matieland*
42 Wêreldberoemde vir Endlersaal
42 1972-span klop vanjaar s'n
44 US se sportrykdom ook vir die publiek
46 Optimisme oor Matie-atletiek

Voorblad: Met 'n denneboom se stam as agtergrond, 'n inlasfoto van die Paul Sauer-gebou, wat die enigste bosbou-fakulteit in die land huisves. Die fakulteit is vanjaar by 'n mylpaal. Lees berig op bl. 4 (Foto's: Colin Edwards en Antenie Carstens, Buro vir Universiteitsonderwys, US).

Leerhulp vir die toekoms — bl. 8



Deurbraak met vaartuig — bl. 16

Nog 'n gebou bly behoue — bl. 24



Atletiekklub reël eeufees — bl. 47.

Matieland *word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.*

Redakteur: Hans Oosthuizen

Redaksiekantoor:
Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch
Tel. (02231) 77633; 77639
Teleks: 5720383

Advertensiekantoor, Johannesburg:
Mediamark (Edms) Bpk.
8e Verdieping
Noswal Hall
Stiemensstraat 3
Braamfontein
Posbus 52896
2132 Saxonwold
Tel. (011) 39-3913; 39-3136; 39-2332

Advertensiekantoor, Kaapstad:
Fred Kruger (Edms) Bpk
Monte Carlo-gebou 309
Heerengracht
8001 Kaapstad
Tel. (021) 21-5266; 21-1962
Teleks: 0254

TRIO-RAND/S.A. LITHO

BENUT HIERDIE VOORTREFLIKE GELEENTHEDE VIR NAGRAADSE STUDIE



Nagraadse studie word steeds belangriker. Hoe beter u kwalifikasies, hoe beter is u toegerus vir die toenemende eise van ons tyd.

As toonaangewende opvoedkundige inrigting beklemtoon die Universiteit van Stellenbosch die noodsaaklikheid van hoër kwalifikasies vir die leiers van môre op alle terreine.

Vir verdere studie bied hy u:

- 12 fakulteite: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Landbouwetenskappe, Regsgeleerdheid, Teologie, Handel en Administrasie, Ingenieurswese, Geneeskunde, Bosbou, Krygskunde, Tandheelkunde.
- Ruim beurse en studielenings.
- Moderne navorsingsgeriewe.
- Kontak met navorsers en ander kennissentra, wêreldwyd.
- Omvattende biblioteke.
- Unieke geleenthede vir studie en ontspanning op Stellenbosch, 'n universiteitsdorp met 'n ryke tradisie van 300 jaar.

Die Universiteit streef na kwaliteitsopleiding, voor- en nagraads. Vanjaar is meer as 'n kwart van sy 12 000 studente besig met nagraadse studie en hy wil u ook graag die geleentheid bied om hoër kwalifikasies te verwerf.

Vul net die onderstaande koepon in en volle besonderhede oor die studierigting waarin u belangstel, sal aan u gestuur word.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Die Registrateur (Akademies), Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

Ek stel belang in nagraadse studie in

.....

(Naam van Fakulteit/Departement) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Stuur my asseblief volle besonderhede.

Naam: .....

Adres: .....

.....

..... Kode .....

Graadkwalifikasie en waar verwerf:

.....

KMP STL 2A

1.3 Die eerste professore aan die *Arts Department*

Op die Bestuursvergadering van 26 Junie 1874 is besluit om 'n onderwyser in Klassieke Tale met 'n jaarlikse salaris van £250 in Skotland te werf.[12] Die voorgestelde jaarlikse salaris is op 'n buitengewone Bestuursvergadering op 15 Augustus tot £300 verhoog.[13] Die betrekking is gedurende Oktober 1874 in Skotland geadverteer. Archibald Macdonald was een van die applikante en hy is namens die Bestuur deur prof. A. Simpson, van die Universiteit van Edinburgh, aangestel.[14]

Macdonald het op die *Walmer Castle* op 17 Desember 1874 in die Kaap aangekom.[15] Volgens die notule van die Bestuursvergadering van 24 Desember 1874 het Macdonald, wat uit Skotland as onderwyser in Klassieke Tale aangekom het, op dié datum voor die Bestuur verskyn. Daar is aan hom meegedeel dat hy die status van professor in Klassieke en Engelse Letterkunde sou hê en dat hy 'n salaris van £350 per jaar met ingang 1 Januarie 1875 sou ontvang.[16] Sy aanvanklike jaarlikse salaris was dus £50 meer as die waarteen hy oorspronklik in Skotland as onderwyser in Klassieke Tale aangestel is.[17] Die S.G.O. is drie dae voor laasgenoemde Bestuursvergadering versoek om Macdonald se aanstelling as professor goed te keur.[18] Dit is deur die S.G.O. op 30 Desember 1874 gedoen.[19]

Archibald Macdonald is dus op 21 Desember 1874 as professor benoem, op 24 Desember is dit aan hom meegedeel, die benoeming is op 30 Desember goedgekeur en hy het diens as professor op 1 Januarie 1875 aanvaar.

Op 'n buitengewone Bestuursvergadering op 15 September 1874 is met vreugde daarvan kennis geneem dat die eerste assistent van die skool, George Gordon, 'n aanbod om 'n betrekking in Bloemfontein te aanvaar van die hand gewys het.[20] Nadat Gordon nog 'n aanbod uit Bloemfontein ontvang het, het die Bestuur onder andere sy salaris met £50 per jaar verhoog en aan hom een van die twee professorate in die vooruitsig gestel indien dit die Bestuur sou geluk om 'n *Arts Department* te verkry.[21] Gordon het klaarblyklik die aanbod van die Bestuur aanvaar, want op die Bestuursvergadering van 6 November 1874 is melding van sy besluit gemaak om op Stellenbosch aan te bly.[22] Hierdie gebeure tesame met die amptelike goedkeuring van die stigting van die *Arts Department* op 13 November dui daarop dat Gordon waarskynlik gedurende November 1874 as professor benoem is.

Op die Bestuursvergadering van 24 Desember 1874 is 'n brief van Gordon, gedateer 19 Desember 1874, behandel. Daarin het hy versoek dat sy diensure van vyf tot vier per dag verminder moet word.[23] In 'n brief op 30 Januarie 1875 aan die S.G.O. het Gordon sy versoek in verband met sy diensure herhaal.[24] Aangesien Gordon reeds minstens van 1 Januarie 1875 as professor in Wiskunde en Natuurkundige Wetenskappe aan die *Arts Department* verbonde was,[25] is genoemde twee briewe 'n verdere aanduiding dat Gordon al teen 19 Desember 1874 as professor benoem was en dat hy moontlik selfs toe al diens as professor aanvaar het.

Die volgende gegewens uit twee bronne van latere jare dui ook daarop dat Gordon voor Macdonald as professor benoem is. In 'n huldeblyk na Gordon se dood word na hom as die senior professor en senaatslid verwys.[26] Gordon word as die eerste en Macdonald as die tweede professor in die 'Succession List of Professors' in die 1902-jaarboek van die Victoria-Kollege aangegee.[27]

1.4 Lewenskets van George Gordon

George Gordon, die seun van Alexander Gordon en sy vrou Jane Hay, is op 9 Maart 1835 in Arbroath, Skotland, gebore.[28]

Hy het op die skip *Northam* op 7 September 1873 in die Kaap aangekom.[29] Die volgende dag is hy op Stellenbosch verwelkom en op 10 September het hy diens as onder-

'n Groot aanmoediging

TWEE jaar nadat prof. Mike de Vries op 6 Augustus 1980 vir die Universiteit 'n nuwe fondsinsamelingsveldtog aangekondig het, het STELLENBOSCH 2 000 meer as 'n kwart van sy aanvanklike doelwit van R20 miljoen opgelewer.

Die bydraes van dosyne maatskappye en honderde individue is 'n bewys van hulle goedgesindheid teenoor die Universiteit en van hulle vertroue in die ideale wat prof. De Vries met die aankondiging van die veldtog gestel het: dat die Universiteit 'n koers inslaan wat van hom die voorste sentrum vir navorsing en nagraadse opleiding in die land kan maak.

So wil die Universiteit bydra tot die lewering van kwaliteitsmense — daardie hoogste vlak van leiers en werkkragte wat teen die jaar 2000 vir Suid-Afrika so onontbeerlik gaan wees.

Vir al die universiteits-amptenare en hulle talle vrywillige helpers wat direk met die insameling gemoeid is, is die sukses wat tot dusver met die veldtog behaal is 'n groot aanmoediging — veral in die huidige ekonomiese klimaat.

Ook vir prof. De Vries en sy personeel — dosente, navorsers en amptenare — kan die meer as R5 miljoen wat ingesamel en belowe is 'n aanmoediging wees om voort te gaan met die ideale wat daargestel is.

Hierdie honderde ruimhartiges skenk vir die Universiteit geld uit 'n begeerte om op Stellenbosch geskep te sien wat hulle as lofwaardig beskou.

Nuwe onderrigmedium

ONS leef in die ruimte-eeu — een van die opwindendste tydperke in die mensdom se bestaan. Ruimtereise is egter net een van die talle tegnologiese prestasies wat sonder daardie wonderlike uitvindsel die rekenaar onmoontlik sou gewees het.

Rekenaars raak ons almal. Dit het vir elke lewenssfeer noodsaaklik geword — van die handel en die nywerheid, die wetenskap en die weermag tot selfs die vermaaklikheidswêreld.

Selfs vir kinders word dié wondermasjiene 'n normale deel van die lewe, aanvanklik net om speletjies mee te speel, maar as hulle ouer is iets wat hulle wil bemeester en gebruik om die onbekende mee te ondersoek.

Dit is dus vanselfsprekend dat rekenaars ook as 'n hulpmiddel in die onderrig gebruik word, soos die De Lange-verslag na onderwyssake onder meer verlede jaar aanbeveel het.

Daarom was dit so 'n versiende besluit van 'n groepie US-personeellede om vroeër vanjaar by die Universiteit die eerste Suid-Afrikaanse kongres oor die rol van die rekenaar in die onderrig te reël.

Hiermee is wêreldleiers op die gebied van rekenaargesteunde onderrig asook die vervaardigers van rekenaartoerusting bymekaargebring om vir dié soort onderrigmedium die wiele aan die rol te sit en om aan 'n nasionale strategie hieroor momentum te gee.

Die kongres behoort verreikende gevolge te hê.

Fokus op...

EN hier is hy — regter Pierre Rabie, 'n Oud-Matie en oud-dosent van die Universiteit, wat vroeër vanjaar Suid-Afrika se nuwe Hoofregter geword het.

Pieter Jacobus Rabie is in 1917 gebore en het grootgeword op Koffiefontein, waar sy vader prokureur was.

Op Stellenbosch — waar hy in 1935 eerstejaar was — was hy 'n inwoner van Dagbreek en het hy vir die eerstespan krieket gespeel.

Die man wat 47 jaar later Hoofregter sou word, het as jong Matie aanvanklik nie in die regsgeleerdheid gestudeer nie maar in klassieke tale — waarin hy merkwaardig uitgeblink het. Hy verwerf die grade B.A. met hoofvakke Latyn en Grieks in 1937 en M.A. in die klassieke tale twee jaar later.

Met 'n beurs studeer hy daarna aan die Universiteit van Michigan in Amerika, waar hy sy doktorsgraad in 1943 verwerf.

Terug uit die buiteland word die jong dr. Rabie lektor in Latyn by sy ou Alma Mater. Met



Regter Pierre Rabie

spesiale verlof van die Universiteit se Senaat skryf hy in vir die graad LL.B., wat hy in 1948 mét onderskeiding behaal.

In die daaropvolgende jaar verruil hy die Eikestad vir die Jakarandastad, en die akademiese lewe vir die regsberoep.

As senior advokaat het hy Suid-Afrika verteenwoordig in die Suidwes-saak wat in die sestigerjare voor die Wêreldhof in Den Haag gedien het.

Sy vrou, Annalie — wat haar as kunstenares onderskei het — is 'n dogter van wyle oud-min. S.P. le Roux. Haar broer is die Hertzogpryswenner Etienne Leroux.

Al drie regter en mev. Rabie se kinders is Oud-Maties. Hulle enigste seun is 'n Pretoriase advokaat en die oudste dogter, mev. Ilse van der Merwe, het ook 'n LL.B.-graad en is getroud met 'n US-professor in die regsgeleerdheid. Die ander dogter, mev. Annemie Loubser, woon in Natal, waar haar man, ook 'n Oud-Matie, dokter is.

US se bydrae tot belangrike bedryf

SONDER plantasies, bosse en bome sou hierdie uitgawe van *Matieland* beswaarlik moontlik gewees het. Sonder bosbou sou boeke, koerante, meubels, huise en baie ander beskawingsmiddele soos wat ons dit ken, nie dieselfde gewees het nie.

Mense se ontwikkelingspeil kan selfs aan hulle papierverbruik gemeet word: Die gemiddelde Amerikaner gebruik na raming jaarliks ongeveer 125 kg papier teenoor slegs ongeveer 'n driekwart kilogram vir iemand in Rooi-Sjina. (In Suid-Afrika word dié gebruiksyfer op sowat 27 kg gereken).

Die bosboubedryf is nie net vir boumateriaal, meubels en papier belangrik nie, maar ook vir iets waaraan die ontwikkelde mens 'n al groter behoefte het — ontspanningsgebiede in die vrye natuur.

Die Universiteit van Stellenbosch het die afgelope vyf dekades 'n groot bydrae tot hierdie belangrike bedryf gelewer. Dit is vanjaar vyftig jaar sedert die Universiteit die eerste keer studente vir 'n graadkursus in bosbou toegelaat het — die eerste en steeds die enigste van dié aard in die land.

In die eerste 25 jaar ná die instelling van die kursus in 1932 is bosbou in die Fakulteit van Landbou (tans Landbouwetenskappe) gedoseer. 'n Kwarteeu gelede het die volwaardige Fakulteit van Bosbou ontstaan.

Die South African School of Forestry wat gedurende 1906 tot 1911 as bosboudepartement van die South African College Schools (SACS) bestaan het en 'n driejarige diplomakursus aangebied het, was die voorloper van die huidige fakulteit.

In 1923 het die Universiteit 'n professoraat in bosbou ingestel, maar die pos kon nie gevul word nie en vanweë onderhandelings oor die samesmelting van die landboufakulteit en die landboukollege Elsenburg is die instelling van die kursus laat vaar.

Die ou Bosbou-gebou, wat in die vroeë sestigerjare gesloop is. Die hekpilare en traliewerk op die foto het behoue gebly — skuins agter die Ou Hoofgebou, aan die noordekant van Victoriastraat en naby die voorkant van die H.B. Thomteater.

ENIGSTE AAN 'n S.A. UNIVERSITEIT

Bosbou-opleiding 'n halfeeu oud

Teen 1931 het die Universiteit weer vertoë hieroor aan die betrokke minister, genl. J. C. Kemp, gerig. Stellenbosch is om geografiese redes as die geskikste plek vir so 'n kursus beskou: inheemse bosse soos dié in die Sederberge, by Knysna en by George was redelik naby; staatsplantasies van alle ouderdomme was binne maklike bereik per motor of per trein; proefplase van die Universiteit was vir aanplantings beskikbaar; en die arboreta by Tokai en Claremont asook die Spoorweë se "houtdrogings- en -bewaringsdepot" by George was ook naby. "Nêrens elders in Suid-Afrika bestaan daar in die nabyheid van 'n universiteit sulke uitstekende geleenthede vir praktiese werk of demonstrasies in boswese nie," is gesê.

Prof. E. J. Neethling is as die eerste hoogleraar aangestel. Die staatsdepartement van Bosbou het die helfte van sy salaris en ander uitgawes gedra. Die Universiteit was vir die ander helfte verantwoordelik en moes hiervoor geldelike hulp van buite soek. 'n Skenking van £250 (R500) per jaar — die helfte van die U.S. se verpligting — het gelei tot die vernoeming van die Hans Merensky-leerstoel in boskultuur.

Prof. Neethling het 'n reusetaak aangepak. Hoewel die klasse klein was — die eerste graduandi in 1934 was slegs nege en in 1931 is net een graad toegeken — moes hy 'n wye spektrum van bosbouvakke doseer en boonop aan die staatsdepartement van Bosbou hulp verleen. Beamptes van dié departement het egter gehelp totdat bykomende dosente vanaf 1937 aangestel is.

Só goed is bosbou-opleiding gevestig dat die landboufakulteit in 1944 tot die Fakulteit van Landbou en Bosbou vernoem is. In 1957 is prof. Neethling en sy mede-pioniers se werk met die instelling van 'n volwaardige Fakulteit van Bosbou bekroon. In 1964 is 'n nuwe gebou — gefinansier deur die staat en firmas in die bosboubedryf — ingewy. Dit is vernoem na die bekende Stellenbosser en destydse minister van bosbou, sen. P. O. Sauer.

Navorsing in die fakulteit word sedert 1959 grootliks gestimuleer deur 'n jaarlikse subsidie van die staatsdepartement van Bosbou. Saam met dié departement, die WNNR en die Wattel-navorsingsinstituut is die fakulteit een van die vernaamste bosbou-navorsingsentra in die land. Die fakulteit is verteenwoordig in die navorsingskomitee van die Nasionale Bosbouraad.

Belangrike navorsingsprojekte deur die fakulteit sluit onder meer in boskultuurmetodes, die droog van hout (insluitende sondroging — wat in Suid-Afrikaanse toestande besonder belangrik is), die kwaliteit van houthuise, en bosbestuursmetodes.

Die toekoms bied aan die bedryf allerlei uitdagings. Die invloed van houtoesmetodes op die omgewing moet onder meer bestudeer word: Swaar masjinerie wat gekapte bome uitsleep, kan byvoorbeeld die grond só beïnvloed dat dit die groei van die bome affekteer. In die buiteland is balonne en helikopters al op die proef gestel en in Suid-Afrika word kabels reeds hiervoor gebruik.

Houtkunde (wat houttegnologie, -chemie en -fisika insluit), boskultuur en bosbestuur het elk 'n volwaardige professoraat geword en in 1970 is die omvang van bosbou-opleiding verbreed met die instelling van 'n leerstoel in natuurbewaring. Drie jaar later is 'n ontspanningsdeskundige aangestel met die verantwoordelikheid vir 'n nuwe graadkursus in parke- en ontspanningsadministrasie. 'n Leerstoel in bosbou-ingenieurstegnologie is in 1978 ingestel.

1934: Die eerste nege bosbou-studente wat by die Universiteit gegradueer het. Agter: J. P. Steyn, J. H. van Wyk (lektor, bosprodukte), W. F. E. Immelman, P. C. de Villiers, A. S. Roberts en D. P. Ackerman. Voor: A. Juriaanse, dr. S. P. van Wyk (lektor, ekonomie), prof. E. J. Neethling, prof. I. de V. Malherbe en H. L. Malherbe. Sittend: J. H. Keet en J. M. van Niekerk.

P. C. de Villiers het later dekaan van die fakulteit geword en D. P. Ackerman sekretaris van Bosbou.

Terwyl die omvang en wese van die kursusse deur die jare geleidelik verander het, het die studentetal ook toegeneem. Dit het elke dekade byna verdubbel: In die eerste tien jaar van die fakulteit se bestaan is gemiddeld minder as vier grade per jaar toegeken, gedurende die middel-sestiger- tot middel-sewentigerjare het dié syfer tot meer as sestien gestyg, en in die afgelope agt jaar was die jaarlikse gemiddelde aan graduandi byna 27.

Die persentasie nagraadse studente het veral aanmerklik toegeneem: In die dekade tot 1963 was daar byvoorbeeld vier en 'n half keer soveel vooras nagraadse studente, teenoor die slegs een en 'n half keer vandag.

Sedert 1934 is 406 baccalaureus-, 87 honneurs-, 61 meesters- en 16 doktorsgrade in bosbou, houtkunde en verwante rigtings toegeken.

Die ontwikkeling van die bosboubedryf in Suid-Afrika is dan ook grootliks te danke aan die werk van wetenskaplikes wat op Stellenbosch opgelei is. Reeds met prof. Neethling se dood in 1949 was sestig persent van die bosbou-vakkundiges in die Staatsdiens sy oud-studente. Landwyd oorheers die houers van Stellenbosch-grade vandag die hele bedryf.

Die vyftigjarige bestaan van bosbou-opleiding aan die Universiteit word op 23 en 24 September by die fakulteit op Stellenbosch gevier. 'n Honderdtal oud-studente en talle ander verteenwoordigers van die bosboubedryf in Suid-Afrika word verwag by 'n simposium wat 'n belangrike deel van die feesviering sal uitmaak.

Onder die buitelandse kenners wat genooi is om by die simposium referate te lewer, is prof. H. Löffler, professor in bosingenieurstegnologie by die Universiteit van München, en prof. G. Kossatz van die houtkunde-instituut by die Braunschweig-universiteit in Wes-Berlyn.

Nuwe kursusse in opvoedkunde

DIE Universiteit bied van volgende jaar af verskeie nuwe opvoedkunde-kursusse aan. Twee daarvan is M.Ed.-kursusse — in Didaktiek/onderwysadministrasie en internopleiding in opvoedkundige sielkunde.

'n Eenjarige diploma waarin 'n student kan spesialiseer in sportvoorsiening of rekreasie, of sport en rekreasie vir gestremdes, sal ook deur die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie — in samewerking met ander departemente met verwante vakkursusse — aangebied word.

Verder word skoolkuns nog 'n spesialiseringsrigting vir die B-graad in primêre onderwys.

Belangstellendes wat een van die M.Ed.-kursusse wil volg, moet beskik oor 'n B.Ed.-graad, of op 'n ander wyse 'n peil van bekwaamheid in hulle bepaalde studierigting bereik het wat vir dié doel toereikend is. Iemand met 'n honneursgraad in sielkunde en 'n onderwysdiploma kan die kursus in opvoedkundige sielkunde volg.

Die kursus in didaktiek/onderwysadministrasie, wat 'n jaar duur, sal net elke tweede jaar aangebied word. Hoogstens vyftien studente sal toegelaat word. Die kursus handel onder meer oor onderrigleierskap, onderwysbestuur, gevorderde navorsing in die opvoedkunde en onderwysleierskap in fundamenteel-pedagogiese en opvoedkundig-sielkundige perspektiewe.

Die doel van die kursus is om deur onderrig en navorsing oor onderrigleierskap en onderwysbestuur en ander tersaaklike studieterreine mense in leiersposisies in die onderwys verder op te lei en navorsing daaroor te stimuleer; om onderwysleiers en potensiële onderwysleiers in staat te stel om 'n hoë vlak van kennis en professionele kundigheid oor onderrigleierskap en onderwysbestuur te bereik; om 'n verfynde perspektief op die onderwysproblematiek in die Republiek te verwerf; om kennis, kundigheid en leierskapbekwaamheid oor individuele professionele spesialiseringsterreine uit te bou en om navorsingskundigheid oor onderwysleierskap te ontwikkel en 'n objektiewe houding teenoor die besinning van onderwysprobleme te kweek.

Hoogstens twaalf studente sal toegelaat word om die kursus in opvoedkundige sielkunde te volg. Dit handel onder meer oor algemene leerprobleme en spesifieke leergestremdhede, algemene aanpassingsprobleme en spesifieke gedragsafwykings, skoolvoorligting, psigometrie en psigodiagnostiek, navorsingsmetodologie, statistiese metodes en rekenaarbenutting en praktiese werk.

'n Erkende onderwyskwalifikasie is die toelatingsvereiste vir die nuwe rigtings in liggaamlike opvoedkunde.

Spesiale fisiologie, sportvoorsieningspesialisasie, sportfisiologie, sport- en rekreasiebestuur, sportsielkunde, publieke administrasie, sportdidaktiek en sportsosiologie is onder meer deel van die leerplan vir die kursus in sportvoorsiening.

Die kursus in rekreasie dek die algemene teorie van rekreasie, ontspanningsbestuur en -beplanning, sport-en-rekreasiebestuur en publieke administrasie. Studente moet ook praktiese werk doen.

Die algemene teorie van sport en rekreasie vir gestremdes, kinesiologie en sportbeserings, en sport- en rekreasiebestuur is deel van die kursus oor sport en rekreasie vir gestremdes.

Die kursus duur 'n jaar, maar studente kan aansoek doen om dit oor twee jaar te versprei.

Die Kaapstadse Onderwyskollege het tot dusver (in Engels) die enigste opleiding in Kaapland aangebied vir spesialisasie in skoolkuns vir laerskole van die Kaaplandse Onderwysdepartement. Dié spesialiseringsrigting — wat vanaf 1983 by die Universiteit aangebied word — behoort te voorsien in die behoeftes van Afrikaanssprekendes wat verkies om in hulle moedertaal opgelei te word.

Die Departement Skoolkuns wil met die instelling van hierdie rigting 'n betekenisvolle bydrae lewer deur gespesialiseerde kunsonderwysers op graadvlak vir die laerskool op te lei. Dié onderwysers sal hulle vir studie in die B.Ed.- en verdere grade in die opvoedkunde kan aanmeld. So kan verdere noodsaaklike navorsing op die gebied van kunsopvoeding gedoen word.

Die B.Prim.Ed.-kursus bied tans spesialisering in die volgende rigtings: Afrikaans en Engels; een van die amptelike tale en Wiskunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Skoolvoorligting en Skoolkuns.

Studente wat vir die B.Prim.Ed.-graad wil inskryf, moet voor 31 Oktober skriftelik by die Registrateur (Akademies) by die Universiteit om toelating aansoek doen.

Mense wat meer besonderhede oor die nuwe kursusse wil hê, moet so gou moontlik die sekretaris van die Fakulteit van Opvoedkunde, mnr. L. M. Toerien, by tel. (02231) 77834 skakel.

Sportkenner uit Israel

Dr. Gilad Weingarten van die Wingate-instituut in Israel en die land se oud-kampioen in verspring, wat in die tweede kwartaal besoekende dosent by die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie was. Hy is 'n sportsielkundige wat wêreldwyd ervaring opgedoen het en by die Olimpiese Spele as TV-kommentator opgetree het.



Sielkundige dienste vir die publiek

'n SENTRUM vir Sielkundige Dienste is by die Universiteit gestig. Dit bied volledige sielkundige dienste aan die publiek.

Die sentrum — wat reeds in April met sy werk begin het — se doel is drieledig, naamlik:

- die opleiding van nagraadse studente in voorligting- en kliniese sielkunde;
- sielkundige dienste aan kinders, volwassenes en bejaardes;
- die daarstelling van navorsingsgeriewe en die uitvoering van navorsing.

Die heeltydse personeel bestaan uit 'n voorligtingsielkundige en 'n kliniese sielkundige. Die gereelde dienste van konsultante uit die psigiatrie, spraakterapie, arbeidsterapie en maatskaplike werk sal beskikbaar wees.

Die sentrum is ten volle toegerus met die nodige fisiese geriewe.

Die publiek kan navrae rig aan: Die Direkteur, Sentrum vir Sielkundige Dienste, Van der Sterr-gebou, Bosmanstraat, STELLENBOSCH 7600, tel. 71106.

Die dienste van die Universiteit se Kinderleidingskliniek (in die Fakulteit van Opvoedkunde) en Buro vir Studentevoorligting bly onveranderd voortbestaan.



Prof. Kotze

DOSENT IN PRESIDENTSRAAD

PROF. D. J. Kotzé, hoogleraar in geskiedenis en direkteur van die Instituut vir die Studie van die Marxisme by die Universiteit, is vroeër vanjaar aangestel as 'n lid van die Presidentsraad. Hy dien in die grondwetkomitee van die raad.

Hy het sy studie toegespits op die kommunisme en die Marxisme as geskiedenismakende faktore, veral in die twintigste eeu. Prof. Kotźe word bestempel as 'n kenner van die kommunisme.

Nog 'n US-dosent, prof. Christoff Hanekom, is ook lid van die raad.

Prof. Willie van Niekerk, wat tot verlede jaar hoof van die Departement Verloskunde en Ginekologie by US was, het aan die begin van die jaar voorsitter van die raad se Komitee vir Gemeenskapsverhoudinge geword.

'n Afgetrede US-dosent, mnr. Willem Dempsey, was ook 'n lid van die Presidentsraad en is nou aangewys na SA ambassadeur in België.

Helshoogte hou reünie

HELSHOOGTE, die jongste manskoshuis op Stellenbosch, is volgende jaar tien jaar oud en om dit te vier, word 'n reünie van oud-Helshoogtemanne in die eerste naweek van die April-vakansie gehou.

Oud-inwoners van die koshuis wat die saamtrek wil bywoon, moet hulle name en adresse stuur aan die primarius, mnr. J. S. Bruwer. Die adres is: Helshoogte, Stellenbosch, 7600 (tel. 4031).

Hoë gesant besoek Rektor

Mnr. Herman Nickel (regs), Amerika se nuwe ambassadeur in Suid-Afrika, wat kort ná sy ampsaanvaarding 'n besoek aan die Universiteit gebring het. Hy is hier by die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, en mevv. Nickel en De Vries.

U.S. SIT DIE BAL AAN DIE ROL

Eerste kongres oor rekenaars in die onderrig

SAKRO '82, die eerste Suid-Afrikaanse kongres oor rekenaars in die onderrig, is in die tweede kwartaal by die Universiteit gehou — en volgens die organiseerders is hiermee 'n kettingreaksie van belangstelling in dié onderrigmedium van die toekoms aan die gang gesit.

Die kongres het gevolg op 'n versoek verlede jaar deur die RGN se De Lange-kommissie van ondersoek na onderwyssake in Suid-Afrika dat rekenaargesteunde onderrig in die Republiek meer aandag moet kry.

'n Groep universiteitspersoneel — waaronder opvoedkundiges en rekenaarwetenskaplikes — het byna 'n jaar tevore met die reëlings vir die kongres begin. Ná die tyd was die kongreskomitee so ingenome met die resultate dat hulle beplan om dit 'n tweejaarlikse instelling te maak.

Die kongres het verskeie van die wêreld se kenners op die gebied van rekenaarondersteunde onderrig na Suid-Afrika gebring. Onder hulle was die Amerikaner dr. Donald Bitzer van die Universiteit van Illinois, wat in samewerking met die maatskappy Control Data 'n rekenaarondersteunde onderrigstelsel — bekend as die Platostelsel — ontwikkel het. In die hoofreferaat by die kongres het prof. Bitzer 'n toekomsblik op dié vorm van onderrig gewerp.

Ander buitelandse geleerdes wat opgetree het, is die Amerikaners proff. Robert Kansky van Wyoming en Owen Gaede van die Georgia Southern College, prof. J. W. Graham van Waterloo in Kanada, asook prof. Fred Hofstetter van die Universiteit van Delaware.

Die direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding, dr. P. S. Meyer, het die minister van Nasionale Opvoeding, dr. G. van N. Viljoen, se openingsrede by die kongres voorgedra. Prof. Richard van der Ross, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, het as een van die openingsprekers 'n referaat oor die huidige stand van rekenaars in die onderrig in Suid-Afrika aangebied.

Benewens personeelbesprekings en werksessies, is sowat 50 referate op die vierdaagse kongres gelewer. Ongeveer 500 mense het die kongres bygewoon terwyl duisende — waaronder talle studente van die Universiteit — die omvattende uitstalling wat deel van die kongres was, besigtig het.

Uitstallings is deur 28 firmas in die rekenaarbedryf aangebied. Van die uitstalmateriaal is by die kongres vir die eerste keer in Suid-Afrika bekend gestel. Een hele rekenaarstelsel is slegs 'n week voor die kongres uit die buiteland gebring om vir die eerste

In die wêreld waarin dié skoolmeisie grootword, het rekenaars 'n belangrike rol — ook in die onderrig. Die foto is by een van die SAKRO '82-uitstallings geneem.

keer in die Republiek bekend gestel te word.

Die grootste uitstalling was van die Control Data-maatskappy se Plato-stelsel — die gevorderdste rekernaargesteunde onderrigstelsel ter wêreld. Die stelsel word onder meer gebruik deur die Universiteit van Wes-Kaapland (wat beskik oor die derde grootste eenheid hiervan ter wêreld) asook die Instituut vir Taalonderrig (Intus) by die Universiteit van Stellenbosch.

Die instituut was nou betrokke by die reëlings vir die kongres. By die Universiteit is Intus die instelling wat die meeste met rekenaargesteunde onderrig bemoei is. Dit bied reeds die afgelope aantal jare gespesialiseerde kursusse in taalonderrig, onder meer vir die nywerheid, aan en die direkteur, dr. David van der Vyver, is tans besig met taalkursusse om ongeletterdheid onder swartmense die hoof te bied.

Die kongres het weer beklemtoon hoe belangrik rekenaars in die onderrig geword het — veral in Suid-Afrika met sy gebrek aan opgeleide mannekrag en die geografiese verspreidheid van sy bevolking, sê prof. Walter Claassen, wat as voorsitter van die kongres-reëlingskomitee opgetree het. "Dit het nou 'n voldwonge feit geword dat die rekenaar ook in die onderrig 'n noodsaaklike rol het," sê prof. Claassen.

Met die eerste SA kongres oor rekenaars in die onderrig is hier, van links af, proff. Walter Claassen van US, Donald Bitzer van die Universiteit van Illinois en Fred Hofstetter van die Universiteit van Delaware, mnr. John Blanckenberg van US en dr. Dawid van der Vyver van US.

Teoloog se werk word bekroon



DIE Credo-prys vir Christelike lektuur is vir 1982 toegeken aan 'n Stellenbosse Kweekskooldosent prof. Willie Jonker vir sy werk *Die Gees van Christus*.

Die prys word sedert 1980 jaarliks deur die NG Kerk-Uitgewers uitgeloof.

Prof. Jonker is die tweede persoon wat die Credo-prys ontvang. Die eerste toekenning is aan die Afrikaanse Bybelgenootskap gedoen vir die 1979-vertaling van die Nuwe Testament en die Psalms. Verlede jaar is dit toegeken aan Oud-Matie ds. Izak de Villiers, digter-predikant van Constantia, vir sy bundel poësie *Leviet en Vreemdeling*.

Die Credo-prys is in 1978 ingestel by geleentheid van die NG Kerk-Uitgewers se 160ste bestaansjaar. Dit is veral daarop gemik om skrywers in Afrikaans aan te moedig om die Christelike waarhede en waardes prominent in hulle werk na vore te laat kom.

Die prys word om die beurt vir die genres Christelike lewenskuns en -stigting, teologiese vakliteratuur en Bybelverklaring, en Christelike literatuur (jeug en volwasse) toegeken.

Prof. Jonker is hoof van die Departement Dogmatologiese Vakke by die Universiteit. Hy het grootgeword op Lichtenburg en het gestudeer aan UP en die Vrije Universiteit van Amsterdam, waar hy sy doktorsgraad in 1955 verwerf het.

Voordat hy in 1971 dosent op Stellenbosch geword het, was hy twaalf jaar predikant op Potchefstroom en in Johannesburg, 'n jaar lank dosent by Unisa in Pretoria en gedurende 1968 tot 1971 professor aan die Teologische Hogeschool in Kampen, Nederland.



Prof. Elize Botha

Dr. Lettie Pretorius

Mej. Rykie van Reenen



Prof. A. B. van der Merwe



Prof. Chris Engelbrecht

Prof. Johan Heyns



Proff. H. S. P. Grasser (bo) en G. G. Cillié.

DIE land se voorste literêre prys en die meeste ander toekennings van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het vanjaar aan Oud-Maties, dosente en ouddosente van die Universiteit gegaan.

Onder die pryswenners is dr. Hennie Aucamp, senior lektor in Afrikaans by die Fakulteit van Opvoedkunde, wat die Hertzogprys ontvang, en prop. Louis Krüger, 'n oud-student — wat die besondere prestasie behaal deur vir sy eerste roman die Eugene Marais-prys te verower. Boonop stel 'n Noorse uitgewery belang om sy roman te vertaal en uit te gee.

Dr. Aucamp se verowering van die Hertzogprys is 'n eerste in die geskiedenis van die prys, wat sedert 1916 toegeken word, omdat kortverhaalbundels nog nie voorheen bekroon is nie. Hy is bekroon vir al sy prosawerke wat sedert 1963 verskyn het. Dr. Aucamp het die grade B.A., M.A. en D.Litt, asook die senior onderwysdiploma, op Stellenbosch behaal.

Aan sy roman, *Die Skerpskutter*, het Louis in sy studentejare hard gewerk, want hy het reeds in 1975 daaraan begin skryf. Hy was 'n paar jaar lank 'n inwoner van Dagbreek en het verlede jaar by die Kweekskool afgestudeer. Vanjaar is hy 'n kapelaan in die Weermag.

Louis het reeds as eerstejaar kortverhale geskryf wat onder meer in letterkundige en ander tydskrifte gepubliseer is. Sy grade het hy in 'n rekordtyd behaal. Behalwe die grade B.A. en honneurs in Afrikaans en Nederlands, het hy ná sy eerste twee jaar by die Kweekskool sy tweede honneursgraad — dié keer in die filosofie — behaal. Boonop het hy saam met sy teologiese studies ook sy M.A.-graad in Afrikaans voltooi.

Een van die vele Oud-Maties wat pryse verower het, is prof. Elize Botha, wat die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkun-





Links bo: Louis Krüger, wat die Eugene Marais-prys verower het, en (bo) Hennie Aucamp, wenner van die Hertzogprys.

16 OUD-MATIES EN DOSENTE VEREER

Ryke oes van Akademie-pryse

dige Kritiek ontvang het. Sy is medeprofessor by die Universiteit van Pretoria en word later vanjaar professor by Unisa. Prof. Botha — wat primaria van Huis ten Bosch en 'n lid van die Studenteraad was — was vanaf 1948 tot 1952 'n student op Stellenbosch, waar sy die grade B.A. en M.A. albei met lof behaal het.

Die Akademieprys vir vertaalde werk is aan dr. Lettie Pretorius van Stellenbosch toegeken vir *Vir ek en Platero*. Dr. Pretorius het 'n baie noue verbintenis met die Universiteit. Sy is nie net 'n oud-student nie, maar is ook die vrou van 'n voormalige registrateur en hoogleraar van die Universiteit, wyle prof. S. J. (Faantjie) Pretorius. Hy was sowat dertig jaar lank verbonde aan die personeel van die Universiteit — eers as dosent en daarna as registrateur. Voor sy aanstelling as lektor en ná sy aftrede as registrateur, het hy deeltydse doseerposte aan oorsese universiteite en die Universiteit van Stellenbosch beklee.

Dr. Pretorius het vanaf 1923 tot die begin van 1928 op Stellenbosch gestudeer en het haar doktorsgraad in Londen behaal.

Die Akademie se Markus Viljoenmedalje vir joernalistieke prestasie het na mej. Rykie van Reenen vir haar *Randakker*-rubrieke in *Die Beeld* en *Rapport* gegaan. Sy was ook 'n inwoner van Huis ten Bosch en het vanaf 1941 tot April 1945 op Stellenbosch gestudeer en die grade B.A. (hoofvakke: Engels, Latyn en Afrikaans) en M.A. (Engels) behaal.

Twee dosente het ook pryse verower: Prof. C. A. Engelbrecht wat aan die einde van 1978 as professor in teoretiese fisika aangestel is, het die Havenga-prys vir fisika ontvang. Hy was sedert 1969 hoof van die onderafdeling teoretiese fisika by die Raad op Atoomkrag, en is ook onder meer redakteur van die Suid-Afrikaanse tydskrif vir fisika en raadslid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika. In taalwetenskap het prof. F. A.



Proff. F. A. Ponelis (bo) en P. de Villiers.



Dr. Kobus Loubser.



Dr. J. A. Heese

Mnr. J. V. Smit

Ponelis, wat Afrikaanse taalwetenskap by die Universiteit doseer, die C. J. Langenhovenprys ontvang.

Prof. A. B. van der Merwe — wat afgetree het nadat hy hoof van die Departement Sielkunde was — het die Stalsprys vir sielkunde ontvang. Hy is in 1945 as senior lektor by die Universiteit aangestel nadat hy reeds in 1938 en 1939 'n tydelike lektor was. In die vroeë vyftigerjare het prof. Van der Merwe hoof van die departement geword.

Hy het die grade B.A., M.A. en D.Phil. (in Sielkunde) met lof op Stellenbosch geslaag. Die M.B. Ch.B.-graad het hy by die Universiteit van Kaapstad behaal.

Die Totiusprys vir teologie is toegeken aan prof. Johan Heyns van die teologie-fakulteit by die Universiteit van Pretoria. Prof. Heyns — wat volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademieraad en lid van die Moderatuur van Noord-Transvaal en die Breë Moderatuur van die NG Kerk is — is in 1966 as senior lektor by die Fakulteit van Teologie op Stellenbosch aangestel. Teen die einde van 1970 het hy professor in dogmatologie by die Universiteit van Pretoria geword.

Prof. Pieter de Villiers, hoogleraar in Musiek by die Universiteit van Potchefstroom — wat op Stellenbosch student en dosent was — het die erepenning vir musiek ontvang. Nadat hy 'n B.A.-graad in die klassieke tale by die Universiteit van Pretoria behaal het, studeer hy vanaf 1946 op Stellenbosch en behaal die diplomas S.O.D. en O.D.M.S. By die Konservatorium het hy hoofsaaklik onder prof. Maria Fismer gestudeer en vanaf 1948 tot 1953 was hy dosent by die Konservatorium.

Die Pieter van Drimmelenn-medalje vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur is toegeken aan prof. G. G. (Gawie) Cillié van die departement musiek by die Vrystaatse universiteit. Prof. Cillié — wat onder meer sy M.Sc.-graad op Stellenbosch verwerf en ook dosent in wiskunde by US was — het baie vir die musieklewe op Stellenbosch beteken en 'n groot bydrae tot die studentesangfeeste gelewer.

Prof. H. S. P. Grasser van die departement wiskunde by die Universiteit van Suid-Afrika, het die Havengaprys vir wiskunde ontvang. Hy het as student op Stellenbosch in Helderberg gebly, in die Universiteitskoor gesing, vir die eerste sokkerspan gespeel en was ook later voorsitter van die sokkerklub. Prof. Grasser was 'n tydelike dosent by die Departement Wiskunde en het die grade en diplomas B.Sc., S.O.D., honneurs (wiskunde) en M.Sc. op Stellenbosch behaal.

Mnr. V. C. Wood

Die D. F. du Toit Malherbe-prys vir genealogiese navorsing is aan dr. J. A. Heese van die Strand toegeken. Hy was vanaf 1925 tot 1929 'n student op Stellenbosch en het in 1942 sy doktorsgraad behaal.

Mnr. J. V. Smit, gewese rektor van die Durbanse Onderwyskollege, het die erepenning vir wetenskaplike vakbevordering ontvang, terwyl 'n tweede erepenning aan mnr. V. C. Wood, redakteur van Archimedes, toegeken is.

Mnr. Smit het aan die einde van 1927 sy B.A.-graad met onderskeiding op Stellenbosch behaal en daarna ook 'n onderwysdiploma. Hy was 'n inwoner van Dagbreek. Vanaf 1957 tot die einde van 1972 was hy rektor van die Durbanse Onderwyskollege.

Mnr. Wood — wat eers 'n inwoner van McDonaldhuis en later van Wilgenhof was — het sy B.A.-graad en onderwysdiploma op Stellenbosch behaal. Hy het 'n M.A.-graad met onderskeiding by die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Aan dr. Kobus Loubser, hoofbestuder van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste — wat in Desember 1977 'n ere-doktorsgraad in die Ingenieurswese van die Universiteit ontvang het — is die M. T. Steynmedalje vir natuurwetenskaplike en tegniese prestasie toegeken.

Wynkundiges word in die VSA vereer

Twee wetenskaplikes van Stellenbosch het in Amerika 'n medalje verower vir die ontwikkeling van 'n geslaagde, nuwe tegniek.

PROF. Joël van Wyk, hoof van die Departement Wynkunde by die Universiteit, en een van sy nagraadse studente, mnr. Carel van der Merwe, het onlangs 'n groot prestasie behaal toe 'n medalje aan hulle toegeken is vir die beste navorsingstuk wat verlede jaar in 'n invloedryke Amerikaanse tydskrif vir wynkunde en wingerdbou, die *American Journal of Enology and Viticulture*, verskyn het.

Die navorsingstuk is as buitengewoon geklassifiseer. Dit handel oor navorsing wat gespruit het uit een van die Departement Wynkunde se belangrikste navorsingsprojekte — oor die evaluering van druif- en wynaroma en boeketstowwe.

As M.Sc.-student in wynkunde het mnr. Van der Merwe die besondere aspek van die navorsing uitgevoer in noue samewerking met prof. Van Wyk as promotor.

Mnr. Van der Merwe — wat nou by die wynmaatskappy Bertrams werk — was in diens van die Navorsingsinstituut vir Wynkunde en Wingerdbou by Nietvoorbij buite Stellenbosch toe hy die navorsing gedoen het. Hy het vir die navorsing 'n meestersgraad in die landbouwetenskappe met onderskeiding verwerf.

In 1980 het prof. Van Wyk 'n referaat oor die navorsing op die jaarkongres van die Amerikaanse vereniging vir wynkundiges in Los Angeles gelewer. Die artikel hieroor is daarna deur prof. Van Wyk geskryf en versorg en het verlede jaar onder prof. Van Wyk en mnr. Van der Merwe se name in die Amerikaanse tydskrif verskyn.



Prof. Joël van Wyk en mnr. Carel van der Merwe . . . Geslaagde tegniek om bydrae van wyngeurstowwe te bepaal.

Met hierdie navorsing is 'n geslaagde tegniek ontwikkel om die bydrae van wyngeurstowwe tot die geurgehalte van wyn te bepaal.

Die tegniek behels die verwydering van geurstowwe uit 'n wyn op 'n delikate wyse en die aanwending van die "neutrale" of "ontgeurde" produk as 'n natuurlike medium waarin die geurbydrae van gesuiwerde gistingsgeurstowwe bestudeer kan word. Sulke geurstowwe is individueel asook in verskeie kombinasies en teen verskillende konsentrasies tot die ontgeurde produk teruggevoeg.

Die produkte wat so verkry is, is vervolgens aan proepanele vir evaluering voorgelê. Só kon die relatiewe belangrikheid van verskeie gistingsgeurstowwe vasgestel word.

Met die aanpassing van wynbereidingstegnieke kan dus gepoog word om die vorming van gewenste geurstowwe te stimuleer en dié van minder gewenste geurstowwe te onderdruk.

Die relatief eenvoudige tegniek — wat, sover bekend, nog nie elders ontwikkel is nie — maak dit moontlik om ook die bydrae van ander aromastowwe tot die geurgehalte van wyne te bepaal.

URBANISATION presents increasing demands and greater challenges to the food industry — and to food processing in particular. South African produce for export has to compete on the world market. New methods of processing will have to replace food canning.

These are some of the reasons why the food industry requires continuous research.

At Stellenbosch important research work is being done by the University's Department of Food Science.

The Department — which celebrates its thirtieth birthday this year — has already done important research work into the use of pliable packaging materials for the preservation of fruit, vegetables, meat and starch produce; the processing of waste-products into pets' food; steam processing dates; smoking chicken; pickling or smoking mackerel; and determining the bitter or sweet components of various foods.

Although smoked turkey is both a popular and an expensive item on the American market, hardly any research has gone into the successful smoking of chickens. Using the same method as for turkeys, produces a dry, unappetising and rather unattractive, as well as expensive, result. Following intensive research, the Department of Food Science has recently come up with a product to satisfy the fastidious customer.

In Britain, again, it is smoked mackerel which is very popular. South African producers now want to apply to the smoking of mackerel the same method that has been developed for chicken — to replace the outdated methods which have been used so far. The Department, therefore, tries to find a quicker method of processing mackerel, one which will also provide better control over quality.

Miss Lizette Joubert, a postgraduate student of the Department of Food Science, is doing research on the preservatives and artificial sweeteners being used in cool drinks. Here she injects a sample for analysis into a high pressure fluid chromatograph.

Another important contribution which the Department recently made, was to find a suitable method of processing dates. Virtually all the dates which are required for baking in this country have to be imported. Egypt and Iran, traditional suppliers of dates to the Republic, can no longer compete on the South African market.

Production of dates in South Africa is still in an early stage Quality — especially when it comes to colour, taste and texture — is poor. Research by the department has now led to a cheap method of steam processing dates under the right conditions for a short time to produce an acceptable result.

Interest in food science is increasing steadily, says Prof Gerrie van Noort, head of the Department of Food Science. He points out that companies in the food industry are beginning to realise how important it is to invest in proper training for the industry.

Until now Stellenbosch has offered the only university course in food science in this country. It is still the only one to offer a B.Sc. degree in food science.

On average Stellenbosch produces only five graduates every year, compared to 20 per university in the USA, 19 in the UK, 17 in Australia and 16 in Canada. With 36 universities in the USA offering degrees in food science, that country produces 700 food science graduates annually. The total annual figure for the UK is 170, for Canada 80 and for Australia 70.

The establishment of a course in food science at the University of Stellenbosch was first pioneered in the thirties, when Mr I. J. Burger — who is generally regarded as the founder of the Department — realised the food industry's

Fedfood has promised R25 000 to the Department of Food Science. The company's managing director, Mr Johan Louw (left), handed over a cheque for the first R5 000 of this sum to the head of the department, Prof. Gerrie van Noort.

30 years of food science training

dependence on scientists who had been trained in food technology. During a lecture given in 1939 he asked whether government was satisfied to allow only fresh produce to be exported instead of promoting food preservation.

Mr Burger was a lecturer and research scientist at the Stellenbosch Elsenburg College of Agriculture — predecessor to the University's Faculty of Agricultural Science. Following a visit to California in the late 1920's to study the preservation of fruit and vegetables, he did his utmost to promote the establishment of such a course at the College.

Prof R. W. Wilcocks, who was then rector of the University, was eventually convinced that a course in food science would be a valuable asset to the country.

Two scientists, Mr (now Dr) B. Nortjé and Mr (now Prof) C. J. B. Smit, who were sent to California as postgraduate students in 1949, became the first lecturers. Mr I. J. Burger's son, C. J. (Johan) Burger, was one of the first two students to enroll at the Department in 1951. The other one was J. H. (Jan) Hofmeyr. (Mr Johan Burger is now managing director of Letaba Citrus Processors in the Eastern Transvaal and Mr Hofmeyr holds a senior post in the research division of Metal Box).

Money was found for a new building, which opened its doors in 1954. Companies in the food industry donated most of the money for this building and for an adjoining one to house food preservation research facilities.

Although the department tries to keep in touch with developments in the food industry overseas, research in South Africa still lags far behind most other Western countries.

One of the most important reasons for this, says Prof van Noort, is that companies in the food industry in those countries realise the importance of universities as research bodies, in contrast to South Africa, where the university is looked upon merely as a place of training. Education and training, he says, should take place where the latest ideas are being developed.

The graduate course at Stellenbosch runs over four years.

Since 1978 students of the department have won all the annual awards of the SA Association of Food Science and Technology.

Ex-students of the department today serve the food industry in posts ranging from plant managers and managing directors to research scientists. Many of them are to be found in the state Department of Agriculture and Fisheries and government research institutes such as the CSIR and the National Fruit and Fruit Technology Research Institute at Stellenbosch.

Prof van Noort — who held senior posts at several large companies in the food industry before his appointment to the professorship at Stellenbosch only a few years ago — feels confident about the future of the department.

To celebrate its 30th anniversary the Department has invited its first full-time professor, Prof Chris Smit, who now lives in the United States, to attend a celebration of friends and ex-students of the Department on 24 September. Prof Smit, who is dean and director of the college of agriculture at the University of Georgia, has accepted the invitation to travel to Stellenbosch for the occasion.

Wêreldberoemde fisikus by US

EEN van die beroemdste ficici van die huidige eeu, dr. Edward Teller — na wie soms verwys word as "vader van die waterstofbom" — het die Universiteit vroeër vanjaar besoek en 'n lesing aangebied.

Die 74-jarige Hongaars-gebore wetenskaplike was in die veertigerjare nou betrokke by die Manhattan-projek en Los Alamos-laboratorium in die VSA en is tans verbonde aan die Hoover-institution in Kalifornië. Hy is lid van 'n Withuis-komitee wat die Amerikaanse persident se wetenskapraadgewer adviseer.

Negentien ere-doktorsgrade is aan hom toegeken.

Met hulle besoek is dr. en mev. Teller (middel) hier saam met proff. P. B. Zeeman en W. J. Naudé van die Departement Fisika, dr. G. Heymann, vise-president van die WNNR, en prof. J. A. de Bruyn, dekaan van natuurwetenskappe.

• *NAVORSING:* **INGENIEURSWESE**

Rewolusionêre, nuwe bootromp

'n REWOLUSIONÊRE romp vir kleiner vaartuie — wat moontlik ook vir kommersiële doeleindes gebruik sal kan word — is deur die Universiteit se Buro vir Meganiese Ingenieurswese (BMI) ontwerp.

Die nuwe romp — 'n dubbelrompvaartuig met 'n watervleuel — word 'n Hysucat (afgelei van "hydrofoil supported catamaran") genoem. Dit werk volgens die beginsel van verlaagde waterweerstand. Wat doeltreffendheid en ekonomiese werking betref, word dit as 'n groot deurbraak beskou.

Dié navorsingsprojek is aangepak onder die toesig van dr. Karl-Günther Hoppe, 'n senior personeellid van die BMI wat as skeepsboukundige aan die Charlottenburg-universiteit in Wes-Berlyn opgelei is.

'n Hysucat-prototipe van 5,6 m is deur die BMI gebou en sodra toetse ter see die uitstekende resultate bevestig wat reeds met skaalmodelle verkry is, sal groter modelle, gemik op kommersiële vissersbote en soortgelyke vaartuie, ontwerp word.

Volgens prof. Vos Hattingh, direkteur van die Buro, is patentregte vir die Hysucat feitlik wêreldwyd uitgeneem — "minstens oral waar dit saak maak."

Die Hysucat is 'n hoëspoed- en skeerromp-tweerompskuit met 'n watervleuel tussen die twee halfrompe wat 'n gedeelte van die gewig dra, die vaartuig op hoër spoed uit die water lig en op dié wyse die totale weerstand verlaag.

Volgens die Buro hou dié ontwerp selfs groter voordele in wanneer die beginsel op groter vaartuie soos tunabote, diepsee-vissersbote, plesierjagte en werkbote van tussen vyf meter en dertig meter met 'n spoed van tot veertig knope toegepas word.

'n Tunaboot van twaalf meter verplaas sowat sestien ton en benodig twee motore van 330 kW (2 × 440 pk) elk om 'n spoed van dertig knope op 'n gelyk wateroppervlak te behaal. 'n Hysucat daarenteen — wat effens korter en wyer is en vir dieselfde doel ontwerp is — benodig slegs twee motore van 225 kW (of 2 × 300 pk) elk om teen dieselfde spoed te vaar. Dit beteken 'n laer kapitaalkoste, brandstofmassa en -verbruik wat dié vaartuig baie meer ekonomies maak as die gewone Diep-V skeerrompvaartuig.

Die volgende mikpunt van die Buro is dus om 'n tweede seegaande vaartuig op 'n groter skaal (sowat agt meter) te ontwerp en om dit met diesel-motore aan te dryf wat in 'n vaartuig van dié grootte gewoonlik te swaar is.

Daar word verwag dat die ekonomiese dieselmotore tesame met die doeltreffende Hysucat-romp ontwikkel kan word tot 'n uitstekende eko-

nomiese vaartuig wat die bedryfskoste met meer as sestig persent sal verlaag.

'n Groot aansporing tot die ontwikkeling van dié nuwe romp was die feit dat met die verskillende skeepsrompe wat tans in gebruik is optimale resultate net in hul onderskeie spoedbereike behaal word.

Die gewilde romp vir kleiner hoëspoed-vaartuie wat deesdae op die diepsee gebruik word, is die Diep-V skeerrompvaartuigsoort. Dié model se beperkinge is sy seestuur-kwaliteit en die hoë kragvereistes vir aandrywing.

Die konvensionele watervleuel-vaartuig oorkom albei dié nadele, maar is terselfdertyd uiters kompleks en duur met sekere beperkinge onder striemende golftoestande.

Die steeds stygende brandstofpryse het die ontwerp van 'n ekonomiese hoëspoedvaartuig — maar kleiner, met laer drywingsvereistes, 'n relatiewe laer kapitaalbelegging en laer bedryfskoste — noodsaaklik gemaak.

Die Diep-V skeerromp moes òf ontwerp word om minder weerstand te bied òf die watervleuel-vaartuig moes gebou word volgens vereenvoudigings wat tot dusver onmoontlik was.



Oorkant: 'n Model van die Hysucat van 5,6 meter wat deur die Buro vir Meganiese Ingenieurswese ontwerp is.

Bo: Die ontwerper, dr. Karl-Günther Hoppe, by die half-voltooide vaartuig.

Onder: Voor-onderaansig van die Hysucat-model, met die twee ondersteunende watervleuels duidelik sigbaar.



Die skeerromp-gebaseerde tweerompskuit met sy inherente stabiliteit en besliste oopsee-renkwaliteite het voordele as 'n basiese romp, maar die relatief hoë weerstand kon deur hidrodinamiese ondersteuning verbeter word.

Die Hysucat — 'n hoëspoed-tweerompskuit met 'n watervleuel tussen die twee halfrompe — was die resultaat.

Om die vleuel en halfrompe bymekaar aan te pas sonder dat die vloeipatroon rondom versteur word, is asimmetriese halfrompe met vertikale parallelle tonnelwande ontwerp, met die watervleuel dwars van kiel tot kiel oor die tonnel tussen die twee halfrompe.

Die Hysucat skakel die nadeel van hoë waterweerstand van die tweerompskuit uit.

Deur die gewone Diep-V romp te deel, word 'n tonnel tussen die rompe gevorm waarin die watervloei skaars versteur word. Die watervleuel wat die tonnel dwars oorbrug, gebruik die ongesteurde watervloei vir hefkrag wat die gewig van die vrag op die twee halfrompe verminder, met gevolglike verminderde weerstand.

Sewe modelle wat die Buro in sy sleeptenk getoets het, het weerstandverbeteringe van tot 47 persent in 'n wye spoedbereik getoon. Die sogenaamde weerstandbult teen 'n laer spoed is ook heelwat laer as by die gewone skeerrompvaartuig.

• *NAVORSING:* **GENEESKUNDE**

Meer kennis oor siekte wat ontwrig

ONGEVEER 'n vyfde van die Weste se bevolking word geteister deur 'n siekte wat die samelewing en die ekonomie duur te staan kom — omdat dit by baie van die aangetaste mense ernstige gesinsontwrigting veroorsaak en daartoe lei dat miljoene werksure elke jaar verlore gaan deur mense wat van die werk af wegbly.

Dié siekte is bedruktheid, ook bekend as affeksiektes. Hoewel dit minder opvallend lyk en nie die publiek aangryp soos kanker, ischemiese hartsiektes of selfs psigiatriese siektes van 'n psigotiese aard nie, is navorsing hieroor uiters belangrik — ter wille van die betrokke individue, die samelewing as 'n geheel en die invloed wat dit op die ekonomie kan hê.

'n Tiental navorsers van die Universiteit en die Tygerberg-hospitaal is van die weiniges in die land wat spesifiek oor die neurochemie van bedruktheid navorsing doen. Hulle vorm die Navorsingsgroep vir Neurochemie, wat gedeeltelik deur die SA Mediese Navorsingsraad geborg word.

Al die lede van die navorsingspan is goed gekwalifiseerde wetenskaplikes en geneeshere. Hulle werk onder leiding van 'n direkteur, wat 'n patoloog is asook professor en departementshoof in die Universiteit se Fakulteit van Geneeskunde.

In 'n poging om die patogenese, of patologiese oorsaak, van die siekte te bepaal, word navorsing gedoen wat proefdier- en pasiënte-ondersoeke behels. Daar word nou saamgewerk met die Stikland-hospitaal en die afdeling psigiatrie by die Tygerberg-hospitaal.

Sedert die navorsingsgroep in 1976 tot stand gekom het, was hulle verantwoordelik vir nie minder as 64 publikasies nie — waarvan die meeste in internasionale vaktydskrifte verskyn het.

Die Navorsingsgroep vir Neurochemie is van mening dat hulle reeds oor die nodige kundigheid beskik om in die jare wat voorlê 'n waardevolle bydrae te lewer tot die verklaring van die oorsaak van bedruktheid en tot die behandeling van dié siekte wat soveel gesinsontwrigting en verlore werksure meebring.

'n Navorser van die Navorsingsgroep vir Neurochemie by 'n superfusie-apparaat waarin die vrystelling van die neurotransmitter dopamien in breinblokkies gemonitor word.



'n SKOTSE geleerde, dr. Charles D. Waterston, het onlangs spesiaal Suid-Afrika toe gekom om te kyk na 'n seemonster wat aan die Universiteit behoort — 'n waterskerpioen van byne twee meter lank wat uit 'n moerasagtige meer naby Prins Albert in die Karoo afkomstig is.

Die reuse-skerpioen het ongeveer 350 miljoen jaar gelede geleef, in 'n tydperk toe hierdie deel van die aarde baie nat en bitter koud was.

Dr. Burger Oelofsen, dosent in soölogie by die Universiteit, het die fossiel teen die einde van 1979 ontdek — die eerste volledige fossiel ter wêreld wat van hierdie oerdier gevind is.

Die fonds is gemaak terwyl dr. Oelofsen en mnr. Chris Potgieter van die Departement Geologie besig was met toesighouding vir veldwerk wat 'n student in die paleontologie, mnr. Bruce Rubidge, op die plaas Modderdrift naby Prins Albert gedoen het.

Volgens gebruik behoort so 'n fossiel aan die persoon wat die fonds gemaak het, of aan die inrigting wat hy verteenwoordig. Hoewel dié fossiel dus die Universiteit s'n is, is dit moeilik om dit oor 'n lang afstand te verskuif en dit word nou in die omgewing waar dit gevind is, bewaar in 'n baie volledig toegeruste museum op die plaas van mnr. Roy Oosthuizen, 'n ervare amateur-paleontoloog.

Om te weet jy is die eerste mens wat afkom op 'n fossiel van iets wat miljoene jare gelede geleef het, is al vir enige paleontoloog 'n belewenis. Met dié fonds het dr. Oelofsen egter dadelik besef hierdie is nie sommer nog 'n fossiel nie, maar iets werklik buitengewoons.

Voorheen is slegs stukkies van die pote van sulke diere gevind, hoofsaaklik in dele van Skotland en Skandinawië. Hiervan kon in 'n mate afgelei word hoe dié diere moes gelyk het. Die Prins Albert-fonds het egter heelwat gissings opgeklaar en vir die eerste keer 'n volledige prentjie verskaf van presies hoe die diere moes gelyk het.

Die reuse-skerpioen — wat waarskynlik tot die genus *Dunsopterus* behoort — het twaalf pote gehad, elkeen met verskeie kamme of vinne waarmee dit kos uit die water gefiltreer het. *Dunsopterus* is afgelei van Dunsop, 'n plekkie in Skotland, waar fossielstukke van dié seedier teen die begin van die huidige eeu gevind is.

Fossielstukkies van die kamme (of vinne) is ook vroeër in die Noordelike halfrond gevind, maar daar is geglo dat dit aan die agterlyf van 'n ander dier vas was. Met die Prins Albert-fonds kon eers vasgestel word dat dit deel van die reuse-seeskerpioen se pote was.

Dunsopterus se naaste familie vandag is die sogenaamde koningskrap, wat naby Japan en aan die ooskus van die VSA voorkom — en slegs 'n derde van 'n meter lank is. Die reuseoerskerpioen het saam met 'n groot verskeidenheid visse en plante in 'n moerasagtige brakwater-strandmeergebied voorgekom.

Die tydperk waarin die oerdier geleef het, staan as die Bo-Devoon bekend. Die Prins Albert-fonds is die grootste voorbeeld van 'n dier uit dié tydperk wat nog in Suid-Afrika gevind is en een van die grootstes enige plek ter wêreld.

Ná die fonds het dr. Oelofsen met kenners van fossiele uit daardie tydperk probeer in verbinding tree. Dit het geblyk dat twee van hulle, 'n Noorweër en 'n Deen, reeds oorlede is, maar dr. Waterston — wat aan die Skotse koninklike museum in Edinburgh verbonde is — het besluit om spesiaal Suid-Afrika toe te kom om die fossiel te bestudeer. Naas Prins Albert het hy ook Stellenbosch besoek en onder meer 'n lesing oor sy navorsingswerk aangebied.

Dr. Waterston het ook 'n ander verbintenis met die Universiteit: Hy beklee. in Edinburgh die pos waarin prof. S. J. Shand, 'n geoloog van wêreldfaam, was voordat hy in 1911 professor in die geologie op Stellenbosch geword het. Hy het Stellenbosch later vir die Universiteit van Columbia, New York, verruil en ná sy aftrede teruggekeer Edinburgh toe, waar hy tot met sy dood in 1957 gewoon het.

Daar het dr. Waterston hom leer ken, en so heelwat van Stellenbosch gehoor. "Shand was baie lief vir Stellenbosch — en ek dink hy was tot aan die einde van sy lewe jammer dat hy ooit hier weg is," het dr. Waterston met sy besoek aan die Eikestad vertel.

Drr. Oelofsen (links) en Waterston, toe die Skotse geleerde Stellenbosch besoek het.

Seemonster van US is uniek

● Is paleontologiese kennis soos dié oor die fossiel van 'n dier wat miljoene jare gelede geleef het bloot kennis ter wille van kennis?

Allermins, sê dr. Oelofsen. Hy wys daarop dat paleontologie, asook sedimentologie, in mynbou en die soektog na olie van groot belang kan wees. So moes Soekor byvoorbeeld spesiaal mikro-paleontoloë oplei om met die oliesoektog in Suid-Afrika behulpsaam te wees.

Dr. Oelofsen wys ook daarop dat Brasilië byvoorbeeld oor die grootste voorkoms van olieskalies ter wêreld beskik. Soortgelyke gesteentes kom ook in Suid-Afrika voor, en dit kan moontlik die sleutel verskaf tot sommige van die vrae wat met die soektog na olie in Suid-Afrika bestaan.

Paleontologie het ook in die soektog na uraanneerslae in die Karoo 'n belangrike rol gespeel, toe daar deeglik op die voorkoms van plant- en werweldierfossiele gelet moes word.



NOK-baas word lid van die Raad

'n OUD-MATIE wat 'n noue verbintenis met sy Alma Mater het, is deur die Staatspresident as lid van die Universiteitsraad benoem. Hy is mnr. M. T. de Waal, besturende direkteur van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK).

Mnr. De Waal (57) het op 'n Paarlse wynplaas grootgeword en aan dié dorp se Hoër Jongenskool gematrikuleer voordat hy 'n graad in die siviele ingenieurswese op Stellenbosch verwerf het. Later het hy stadsbeplanning by die Universiteit van Delft gestudeer en in 1975 die Harvardsakeskool se gevorderde bestuurskursus in Swansea, Wallis, bygewoon.

Voordat hy in 1961 by die NOK aangestel is om nywerheidsgebiede vir die land se desentralisasieprogram te ontwikkel, was mnr. De Waal stadsingenieur van Bellville. Hy het in 1970 hoofbestuurder en 'n dekade later besturende direkteur van die NOK geword.

Mnr. De Waal het onder meer in die nuwe stadsbesture van Richardsbaai en die Vredenburg-Saldanhakompleks gedien; is lid van die Advieskomitee oor Kernveiligheid en die eerste minister se Beplanningsadviesraad, was in 1975 voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut; en is in 1979 tydelik deur die minister van Nywerheidswese as direkteur vir ekonomiese samewerking en strategie gesekondeer.

Hy is ondervoorsitter van die Rand-waterraad, en voorsitter van die SWA Water- en Elektrisiteitskorporasie asook van die maatskappye Atlantis-Dieselenjins en SA Mikroelektroniese Stelsels.

Mnr. De Waal is die jongste van 'n gesin van sewe kinders waarvan vyf hulle grade op Stellenbosch verwerf het. Sy vrou, Kitty, is 'n dogter van Nic du Plessis, Matie-eerstespankaptein en Springbokhaker van die vroeë twintigerjare. Sy en haar suster, Ilne, en broer, Tinus, is almal Oud-Maties.

Hoewel die De Waals se vier kinders in Johannesburg grootgeword het, het hulle soos hulle ouers op Stellenbosch gestudeer. Pieter en Nic het as Maties ingenieursgrade verwerf, Irma BA in beeldende kunste en Marius B.Comm.

Mnr. De Waal volg dr. Lapa Munnik, tans minister van Pos- en Telekommunikasiewese, op as US-Raadslid. Die termyn strek tot April 1986.

Aangestel by Matieland

Mej. Hannatjie van der Merwe, wat as publisiteitsbeampte in die Departement Ontwikkeling by die Universiteit aangestel is en onder meer assistente vir die redakteur van Matieland *is.*

Sy is 'n Oud-Matie wat aan UOVS gestudeer het voordat sy 'n honneursgraad in Afrikaanse letterkunde op Stellenbosch verwerf het. Sy was 'n senior verslaggeefster van Die Volksblad *in Bloemfontein.*

Mej. Van der Merwe was 'n tweedegeslag-Matie: Haar vader, mnr. Andries van der Merwe van Kimberley, het in die vroeë veertigerjare op Stellenbosch gestudeer.

KONVOKASIE VERGADER, KLASGROEPE BYEEN

DIE Jaarvergadering van die Universiteit se Konvokasie is op Donderdagaand 2 Desember in die H.B. Thom-teater.

Vroeër die dag word 'n saamtrek gehou vir Oud-Maties wat in 1932, 1937, 1942, 1947, 1952 en 1957 eerstejaars was — onderskeidelik 50, 45, 40, 35, 30 en 25 jaar gelede.

Vroeg in September stuur die Universiteit uitnodigings hiervoor aan almal wie se name en adresse beskikbaar is. Oud-Maties uit dié klasgroepe wat nie uitnodigings kry nie, kan mnr. Andries Esterhuyse by die Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch, 7600, tel. 7-7645, skakel.

Prof. Andries Brink en sy vrou (heel regs) in Moskou by van die ander Suid-Afrikaners wat die kongres bygewoon het.

Dekaan by kongres in Rusland

OP mediese gebied is Westerse lande — insluitend Suid-Afrika — die Russe beslis voor, ondanks Rusland se omvattende geneeskundige dienste, sê prof. Andries Brink, dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde.

Hy is een van dertien Suid-Afrikaanse medici wat die land onlangs besoek het as afgevaardigdes na die negende wêreldkongres van kardiologie wat in Moskou gehou is.

Die afgevaardigdes het 'n aantal hospitale besoek asook verskeie geneeskunde-fakulteite — insluitende een van die vier in Moskou. In Leningrad het hulle 'n moderne kardio-vaskulêre navorsingsinstituut besoek.

In Rusland word twee soorte geneeskundiges opgelei. Die een groep se opleiding kan met dié in Suid-Afrika vergelyk word: Ná slegs tien jaar op skool word hulle vir ses jaar as dokters opgelei, waarna hulle vir een jaar kan spesialiseer in een van vier rigtings — vergelykbaar met wat in Suid-Afrika bekend is as interne geneeskunde, verloskunde en ginekologie, chirurgie en gemeenskapsgesondheid. Hierin moet hulle vir drie jaar praktiseer voordat hulle verder kan spesialiseer.

'n Tweede groep dokters, bekend as "felshars", studeer ná slegs agt jaar (vergelykbaar met standerd ses) vir drie jaar aan 'n "sekondêre" opleidingsentrum, waarna hulle praktiseer en basiese geneeskundige dienste verskaf. Hulle kan later aansoek doen om aan 'n "eerste" opleidingsentrum verder te studeer.

'n Voorwaarde vir die hou van die kongres in Moskou was dat geen land se verteenwoordigers uitgesluit sou word nie en dit is met die kongres beklemtoon — onder andere deur die Sowjetleier mnr. Leonid Bresjnef — dat geen versperring in die weg van wetenskaplike vooruitgang geplaas moet word nie.

Solank hulle die kongresembleem gedra het, kon die Suid-Afrikaners vryelik met Moskou se busse of moltreine rondbeweeg. Dié stad met sy agt miljoen mense was vir prof. Brink eentonig — sonder neonligte, advertensies of nagklubs en met baie polisiemanne en mense wat oral toustaan.

Hoewel hy met dinge soos die puik vervoerstelsel en die gratis telefoondiens beïndruk was, was die voedselskaarste opvallend. Selfs by restourante moes hulle vroeg opdaag om te kry wat op die spyskaart was en groente was daar feitlik nooit nie.

Prof. Brink se vrou was saam. 'n Reëlingskomitee het teater-, opera en balletbesoeke vir afgevaardigdes se vroue aangebied.

Naas afgevaardigdes van Algerië, Egipte en Nigerië was die Suid-Afrikaners die enigstes uit Afrika by die kongres. Daar was 4 800 afgevaardigdes uit 78 lande.

Prof. Brink voor die hotel waar hy in Leningrad gebly het. By hom is nog een van die kongresgangers, 'n Italiaanse kardioloog, dr. Annemarie Pagnoni van Milaan. Hulle het in 1951 in Londen saam nagraads gestudeer.

Prof. Brink is ook president van die SA Mediese Navorsingsraad en een van Suid-Afrika se voorste kardioloë. Hy sê baie is in die afgelope dekade met die behandeling van hartsiektes bereik, maar die kongresgangers het saamgestem dat voorkoming en diagnostiese tegnieke steeds sake van die hoogste belang is.

Die afgevaardigdes was dit eens dat die mens self vir hartsiektes verantwoordelik is. Dit is 'n mensgemaakte toestand wat teweeggebring word deur die wyse waarop die mens sy omgewing benut. Verkeerde eetgewoontes, hoë bloeddruk en rook is die vernaamste oorsake van hartkwale.

Daar is steeds 'n groot teenstelling tussen die vordering wat met hartsiektes in die ontwikkelde en onderontwikkelde lande gemaak word.

Prof. Brink het die vertroue uitgespreek dat Suid-Afrika gevra sal word om sy kennis op die gebied van rumatiese hartsiektes onder kinders — wat die volgende twee jaar die Wêreldgesondheidsorganisasie se tema is — met die res van die wêreld te deel.

PROF. Ernst van Heerden, Hertzogpryswenner, digter en letterkundige kritikus, wat vroeër vanjaar 'n eredoktorsgraad ontvang het by Wits — waar hy einde verlede jaar afgetree het — het 'n noue verbintenis met Stellenbosch: Hy het gelukkige jare in Dagbreek deurgebring, het uitgeblink as Matie-sportman en was ook later US-dosent.

Onder die ou pawiljoen op Coetzenburg het hy die gewigoptellers afgerig nadat hy Stellenbosch se gewigoptelklub gestig het. Prof. Van Heerden — wat 'n Suid-Afrikaanse kampioen in verskillende gewigoptelstote was — was ook voorsitter van die Westelike Provinsie se gewigoptelunie.

Terwyl hy later by die Ryksuniversiteit in Gent, België, gestudeer het, was hy afrigter en bestuurder van die Springbok-gewigoptellers wat na die Olimpiese Spele in Helsinki gegaan het.

Op Stellenbosch het hy voortgebou op die onderskeidings wat hy in sy skoolloopbaan behaal het — die grade B.A. en M.A., 'n onderwysdiploma, asook 'n onderwysdiploma in



Ernst van Heerden as 20-jarige Matie in 1936.

Die Universiteit se gewigoptelklub omstreeks 1950. Van Heerden, die stigter daarvan, is derde van links agter.

Oom Paul perdfris op 86

TOE mnr. P. R. Roux in die vroeë veertigerjare as grootboekklerk by die "Kremlin" begin werk het, het die Universiteit se administratiewe personeel bestaan uit die registrateur, mnr. D. J. Kriel, sy assistent, mnr. H. P. Dekker, en net ses klerke en drie tiksters.

Mnr. Roux — of oom Paul, soos die meeste mense hom noem — vier vandeesmaand (Augustus) sy 86ste verjaardig. 'n Mens sal dit nie sê nie, want oom Paul lyk nog net so fier en regop soos 21 jaar gelede toe hy afgetree het — "moes aftree, op 65, nadat ek negentien jaar en drie en 'n half maande by die Universiteit gewerk het."

Saam met tant Nonnie bly oom Paul nog in die huis — Noordwal 34, naby Coetzenburg — wat hulle in Desember 1945 die eerste keer betrek het. Dis waar dosyne studente hulle gereeld besoek het, want vir die studente van daardie tyd het hulle huis altyd oopgestaan.

Talle Oud-Maties sal oom Paul ook

onthou soos hy op sy fiets werk toe gery het — soms met die sambreel in die hand om die reën te keer.

Hy ry nog steeds fiets — én hy speel rolbal, werk in die tuin en bestuur sy eie motor.

Oom Paul is gebore op die destydse plaas Doornbosch, waar die KWV-wynhuis vandag, omring deur woongebiede, binne-in die dorp is. Voordat hy by die Universiteit gewerk het, was hy ook boer — en eienaar van die plaas Dalsig, wat geleë was waar die dorpsgebied met dié naam nou is.

Hy was op 'n keer selfs in die hotelbedryf toe hy die ou Drostdy-hotel gehuur het. Dié was naby die Moederkerk, in 'n gebou wat later deur die polisie betrek is en wat nou deel van die dorpsmuseum se nuwe uitbreidings is.

Vir die Universiteit het oom Paul nog altyd 'n sagte plekkie. Hy het onlangs R10 000 vir die fondsinsamelingsveldtog STELLENBOSCH 2 000 geskenk — een van die grootste eenmalige skenkings wat iemand nog aan die fonds gedoen het.

Ernst van Heerden en Stellenbosch

spraak en drama, het hy alles met lof geslaag. In 1953 het hy by die Ryksuniversiteit die graad D.Litt. et Phil. met die hoogste onderskeiding verwerf.

Hy was saam met drie later bekende skrywers op die redaksie van *Die Stellenbosse Student* — Audrey Swart (later Blignault), W. A. de Klerk en F. A. Venter. Audrey se latere man, Andries Blignault, was ook 'n redaksielid saam met hulle. Prof. Van Heerden het onder die redakteurskap van nog 'n bekende skrywer, Gerhard Beukes, gewerk en was later ook self redakteur.

Terwyl hy dosent by die Universiteit was, het hy ook as redakteur van *Matieland* opgetree — van die blad se tweede uitgawe af in Augustus 1957 tot aan die einde van 1959.

Prof. van Heerden het in die vroeë veertigerjare by die Fakulteit van Opvoedkunde begin klasgee — in 1943 en 1944 as junior lektor in Engels en tot 1959 as lektor in Afrikaans. Hierna is hy na die Universiteit van die Witwatersrand waar hy wyle prof. N. P. van Wyk Louw later as hoof van die departement Afrikaans en Nederlands opgevolg het.

Op die Universiteit van die Witwatersrand se gradeplegtigheid vroeër vanjaar het hy dan ook 'n eregraad ontvang vir sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde en sy werk as hoof van die departement Afrikaans en Nederlands by daardie universiteit.

Verskeie groot pryse is aan hom toegeken. Reeds in 1948 het hy 'n silwermedalje vir 'n groep Afrikaanse sportgedigte op die Olimpiese kunsfees in Londen verower. In 1962 het hy die Suid-Afrikaanse Akademie se Hertzogprys vir poësie ontvang, in 1975 Tafelberg-uitgewers se Hofmeyr-prys vir poësie en verlede jaar op sy 65ste verjaardag het sy kollegas 'n feesbundel, *Hulsels van Kristal*, aan hom oorhandig. Nog 'n verjaardaggeskenk was die goue medalje van verdienste van die Spectraalgroep van Vlaamse Schrijvers en Schilders.

Sedert sy aftrede het prof. Van Heerden nie stilgesit nie — 'n nuwe digbundel, *Kanse op 'n Wrak*, is vir publikasie gereed gemaak. Dit verskyn in September by Tafelberg-uitgewers.



BO: Die Hertzogpryswenner, digter en professor in die letterkunde by 'n deel van sy boekeversameling in die studeerkamer in sy huis in Greenside, Johannesburg. Prof. Van Heerden is ook 'n geesdriftige kuns- en plateversamelaar. Foto: Rapport

LINKS: Met die toekenning van die Hofmeyr-prys aan prof. Van Heerden in November 1975 vir sy bundel Teenstrydige Liedere *is die digter hier saam met adv. David de Villiers, besturende direkteur van Nasionale Pers, en mnre. Danie van Niekerk, bekende uitgewer, en Chris Barnard, Afrikaanse skrywer* Foto: Beeld

Gebou kry dr. Gericke se naam

DIE nuwe universiteitsbiblioteek wat ondergronds op die Jan Marais-plein opgerig word, sal volgens 'n onlangse besluit van die Universiteitsraad na dr. J. S. Gericke, gewese Vise-Kanselier van US, vernoem word.

Dr. Gericke, wat byna drie dekades die Maties se Vise-Kanselier was, is verlede jaar oorlede. Hy het vanaf 1948 in die Raad gedien.

Van 1946 tot met sy aftrede in 1977 was dr. Gericke predikant op Stellenbosch. 'n Ere-graad in die teologie is in 1966, die Universiteit se eeufeesjaar, aan hom toegeken.

Hy was moderator van die Kaaplandse NG Kerk asook van die Algemene NG Sinode en vir tien jaar lank voorsitter van die Kweekskool se kuratorium.

Bouwerk aan die nuwe J.S. Gericke-biblioteek sal oor minder as 'n jaar, in Julie 1983, voltooi wees. Dit sal 'n verdere ses maande neem om die gebou binne in te rig en dit behoort teen die begin van 1984 in gebruik geneem te word.

Die kontrak aan LTA Building (Kaap) vir die oprigting van die gebou is die grootste enkele kontrak wat nog deur die Universiteit toegeken is. Die nuwe gebou het dringend nodig geword omdat die huidige universiteitsbiblioteek, die Carnegie-biblioteek, beplan is vir minder as die helfte van die huidige studentetal en gevolglik heeltemal ontoereikend geword het.

Bouwerk aan die nuwe biblioteek het vroeg in Oktober verlede jaar begin, nadat die reuse-uitgrawingswerk vooraf deur 'n ander kontrakteur afgehandel is.

Die biblioteekgebou van twee verdiepings sal die eerste heeltemal ondergrondse een in die land wees. Wanneer die gebou voltooi is, gaan dit met 'n tuin bedek word sodat die Jan Marais-plein — wat 9 000 vierkante meter groot is — as 'n oop ruimte in die middel van die kampus behoue bly.

Die standbeeld deur die beeldhouer Coert Steynberg van wyle mnr. Jan Marais — die man wat deur 'n groot skenking kort ná Uniewording die Universiteit se voortbestaan verseker het — gaan op die herontwerpte plein weer 'n ereplek kry. 'n Landskapargitek sal die nuwe plein ontwerp. Die Langenhoven-sonwyser wat op die ou plein was, gaan ook op die herontwerpte een teruggeplaas word.

Die Carnegie-biblioteekgebou sal heringerig word. Daar word beoog om die Universiteit se Afdeling Oudio-visuele Dienste onder meer daarin te huisves.



Die C. L. Marais-biblioteek. (Tekening de ***Voet*** *deur Hannes Meiring en Ters va uitgewers).*

Regs: Werk aan die tweede verdieping van die nuwe biblioteek is reeds ver gevorder. In die middel agter op die foto is die Ou Landbougebou en links agter die gebou vir Beeldende Kunste. Op die foto onder word nog aan die eerste verdieping gebou. Die Administrasie-anneksgebou (die ou Huishoudkunde-gebou) is in die middel agter.





OU BIBLIOTEKIE WORD BEWAAR

ur Hannes Meiring. Uit: ***Stellenbosch te n Huyssteen,*** *uitgegee deur Tafelberg-*

DIE Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het besluit dat nog 'n Universiteitsgebou, die C. L. Marais-biblioteek in Crozierstraat, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar word.

Redes vir die bewaring van die gebou is sy argitektoniese belang, sy ligging digby die Ou Hoofgebou op die vroeëre *College Square* en die feit dat dit die oudste gebou in die land is wat as universiteitsbiblioteek opgerig en gebruik is.

Die boustyl daarvan is Neo-Klassiek en Neo-Renaissance. Met die oprigting van die gebou in 1900 aan die noordekant van *College Square* is die Victoria-kollege se gebouekompleks op die plein voltooi.

Voor 1900 is die kollege se biblioteekboeke in 'n lokaal in een van die kollegegeboue gehuisves. Twee studente het, met afslag van die helfte van hulle klasgeld as vergoeding, as die enigste biblioteekpersoneel opgetree. In 1908 is 'n student-bibliotekaris aangestel, wat onder meer moes toesien dat die boeke behoorlik gekatalogiseer was. Die eerste voltydse universiteitsbibliotekaresse is eers in 1914 aangestel.

Die C.L. Marais-biblioteek — wat in die beginjare groot genoeg was om nie net die biblioteek nie, maar ook die kollege se hele administratiewe personeel te huisves — het mettertyd te klein geword. Die gebou moes in 1926 vergroot word en teen 1938 is dit as universiteitsbiblioteek deur die huidige Carnegie-biblioteek vervang.

In 1904 was daar slegs 1 000 boeke en teen 1938 nagenoeg 70 000. (Vandag beskik die Universiteitsbiblioteek oor 'n boekevoorraad van meer as 400 000).

Toe die Universiteit in 1918 tot stand gekom het, is die hele administratiewe personeel in een vertrek — die een links van die voorportaal — in die C.L. Marais-biblioteek gehuisves. 'n Soortgelyke vertrek oorkant die portaal is vir Universiteitsraad- en komiteevergaderings gebruik.

Die "administrasiekantoor" is met afskortings vir die registrateur, sy assistent, 'n tikster en klerke in drie verdeel. Wanneer die meer as 500 studente van destyds aan die begin van die jaar moes inskryf, was die verwarring so groot dat die toonbanke blykbaar meermale byna op die klerke omgekeer is. In 1921 het die registrateur en sy personeel na 'n ander gebou verskuif.

Ná 1938 is die C.L. Marais-biblioteek gebruik vir die destydse departemente Bantoekunde en Naturelleadministrasie en later die Departement Volkekunde. Dit huisves nou die Departement Argeologie en die Universiteit se Volkekundemuseum.

Die gebou is vernoem na mnr. Christian Marais (broer van die US se groot weldoener mnr. Jan H. Marais), wie se skenking — saam met dié van die destydse koloniale regering — die oprigting van die gebou moontlik gemaak het.





STELLENBOSCH 2000

by

R5 miljoen-kerf

DIE Universiteit se fondsinsamelingsveldtog, STELLENBOSCH 2000, het in minder as twee jaar R5 miljoen — 'n kwart van sy aanvanklike mikpunt — opgelewer.

Die veldtog is in Augustus 1980 deur die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, op 'n nuuskonferensie in Kaapstad aangekondig. Nadat die fonds vroeg in Junie die kerf van R5 miljoen bereik het, staan dit nou op R5,5 miljoen.

STELLENBOSCH 2000 is 'n veldtog van die Universiteit om in Suid-Afrika se behoeftes aan mensekragte teen die jaar 2000 en daarna te help voorsien.

Met die aankondiging van die veldtog twee jaar gelede het prof. De Vries na die universiteit se trotse verlede van diens aan die bevolking van Suid-Afrika verwys en gesê dat die fondsinsamelingsveldtog tot voordeel van al die land se mense sal strek.

Teen die einde van verlede jaar het die fonds meer as R4,25 miljoen opgelewer. R1,1, miljoen is in die eerste helfte van vanjaar ingesamel — waarvan meer as tagtig persent van maatskappye afkomstig was, 18,3 persent deur Oud-Maties en ander individue geskenk is en 1,5 persent uit bemakings aan die Universiteit verkry is.

Van ons donateurs

Hierdie foto's is geneem by geleenthede waar donateurs self hulle skenkings vir die STELLENBOSCH 2 000-fonds oorhandig het.

Links: 'n Brief van die Karnavalvoorsitter, mnr. Kobus du Toit Bosman, ingesluit by die vorige uitgawe van Matieland, *het talle Oud-Maties welkome bydraes laat stuur vir Uskor, US se Klinieke Organisasie. Mnr. Bosman (links) en Louise Coetzee, Mej. Matieland '82, is hier by die direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, om vir sy departement se hulp hiermee dankie te sê.*

Links: Só het dit gelyk toe 'n groep BTK-aners voor die wintervakansie kosvoorrade van byna R1 000 uit Checkers se afdelingswinkel op Stellenbosch "geplunder" het. Soos verlede jaar het Checkers weer die Berg- en Toerklub se hele kosvoorraad vir hulle staptoer langs die Transkeise Wildekus geskenk.

Bo: Mnr. John Lebides (regs), Caltex-olie se bestuurder vir Kaapland en Suidwes-Afrika, het dié oliemaatskappy se jaarlikse bydrae vir die Universiteit se fondsinsamelingsveldtog STELLENBOSCH 2000 aan die Vise-Rektor, prof. Roux de Villiers, oorhandig.

Regs, bo: Mnr. A. Fröhlich (links), hoofingenieur (meganies en elektries) van Gencor se steenkoolafdeling, het namens dié maatskappy 'n tjek vir R55 000 as Gencor se jaarlikse bydrae tot STELLENBOSCH 2000 aan die Rektor en Vise-Kanselier, prof. M. J. de Vries, oorhandig.

Mnr. K. P. O'Malley, Mobil-olie se bestuurder, openbare betrekkinge, wat die firma se skenking van R10 000 vir Stellenbosch 2000 aan prof. M. J. de Vries oorhandig het.

Bo: Datsun het onlangs 'n motor aan die Sportinstituut van die Universiteit geskenk. Mnr. Zac Grobler (regs), hoofbestuurder, openbare betrekkinge van Datsun, oorhandig dit hier aan dr. Danie Craven, direkteur van die Sportinstituut. Hulle staan voor die gerestoureerde Jannie Marais-huis op Coetzenburg waar die instituut se kantore is.

Mnr. G. R. Sutherland, direkteur in die Paarlse kantoor van die Pretoriase raadgewende siviele en struktuuringenieursfirma Van Wyk en Louw, wat sy firma se skenking oorhandig het.

Mnr. Kowie Tolken, eienaar van Tolken Toyota op Stellenbosch, wat geld vir STELLENBOSCH 2000 geskenk het, terwyl mnr. Bill Jackson, streekbestuurder van Trek Petroleum in Wes-Kaapland, ook 'n tjek namens die firma oorhandig het.

Links oorkant, bo: AE en CI skenk R100 000 in sewe jaar vir 'n nagraadse kursus in polimeerwetenskap by US. Dr. L. S. Rayner van dié firma oorhandig die tweede paaiement van R11 250 hiervoor aan dr. R. Sanderson van die Universiteit se Instituut vir Polimeerwetenskap.

Links oorkant, onder: Mnr. John Williams, (links), besturende direkteur van Irvin en Johnson, wat namens sy maatskappy R4 000 vir STELLENBOSCH 2000 oorhandig het. Regs is mnr. Chris van der Merwe, senior ontwikkelingsbeampte (fondsinsameling, maatskappye in Kaapland), by die oorhandiging.

Links: Dr Gerhard Louw, Rumevite se besturende direkteur, het dié firma en Sentrachem se beurse van R1 000 elk vir nagraadse studie aan die beurshouers, Veekunde-student mnr. Marius Paulse (langs dr. Louw), oorhandig. By hulle is mnr. Sydney Back van die Backsbergkelders by Klapmuts en die dekaan van Landbouwetenskappe, prof. Hennie Louw. Mnr. Back se firma het mnr. Paulse se voorgraadse studie geborg.

Saamtrekke vir fonds

OP verskeie Kaaplandse dorpe is onlangs intensiewe insamelingsveldtogte vir die STELLENBOSCH 2000-fonds gehou. Die sprekers by van die saamtrekke was proff. Mike de Vries, Rektor en Vise-Kanselier (Oudtshoorn en Mosselbaai), Hans Jansen, hoof van die Departement Afrika-studie (Upington), en Christo Viljoen, dekaan van ingenieurswese (Porterville), asook dr. J. S. Bergh van US se Instituut vir die Studie van die Marxisme (De Aar).

UPINGTON

Onder: Mnr. Boet du Plessis en sy vrou, Helene, en mnr. Christo Botha en sy vrou, Bridget, by die saamtrek op Upington.

DE AAR

Bo: Mev. M. van Wyk en mev. en mnr. B. van der Merwe by die saamtrek op De Aar.

Onder: Dié saamtrek is ook bygewoon deur mev. W. Möller, mnr. T. du Plessis, mnr. J. Möller, mev. S. le Roux, mnr. A. Horn, mev. H. van der Vyfer, mnr. H. Tiddens, mevv. E. Venter, H. de Jong en M. Marais, mnre. Haas Kruger (van die Departement Ontwikkeling, US) en F. Eager en dr. J. S. Bergh van US, die spreker.

Bo: Die gasvroue by die saamtrek op Upington: Agter is mevv. Lirene Hamman, Jo Gertenbach, Kotie de Waal, Anna Moolman, Anne Borman, Gerda Nel, Lynette Visser, Willa de Villiers en Gusta Marais. Voor: mevv. Lina van der Merwe, Annali Murray, Marinda Stoman, Annelie Kotze, Jeanette Theron, Lienne van Zyl, Jeanne de Klerk, Esmé du Toit, Corrie Carr, Ria Cornelissen, Elise Joubert en Dalene Agenbag.

MOSSELBAAI

Regs: Mnre. Edward Dekker, Heyns Muller en Johan Terblanche met hulle vrouens.

Onder: Mnr. Tex de Swardt (van die Universiteit se Departement Ontwikkeling), ds. Johan Marais en mnre. Krige en Paul Zietsman, by die saamtrek op Mosselbaai.





PORTERVILLE

Bo: By die saamtrek op Porterville was verskeie US-personeellede. Prof. Jan Giliomee, dosent in landbouwetenskappe (regs), is hier by mnre. P. du Plessis en Van der Merwe.

Links: Prof. Christo Viljoen, dekaan van ingenieurswese (middel, agter) en sy vrou is hier by van die dorp se oudste Oud-Maties. Agter: mnr. F. Kellerman en dr. C. F. Albertyn. Voor: dr. en mev. G. F. Hugo, mev. en mnr. G. A. Giliomee en mev. Albertyn. Dr. Hugo was in 1916 eerstejaar. Die Giliomees se seuns, (dr.) Herman en (prof.) Jan, is US-dosente.

OUDTSHOORN

By die saamtrek op Oudtshoorn is (onder) mnr. L. L. Hattingh (skakelkomitee-voorsitter) en mev. R. le Roux (hoofgasvrou); en (regs onder) mev. Marina le Roux en mnr. en mev. Chris Coetzee.

ALBERTON

By die saamtrek wat die Universiteit se kantoor in Johannesburg onlangs op Alberton gereël het, is mnr. Henry Visser (assistent-direkteur, fondsinsameling) by mnr. Nick Vlok en sy vrou, Maud, die twee oudste Oud-Maties by die saamtrek.

Onder is die spreker by die saamtrek, prof. Bun Booyens (afgetrede hoof van die Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde) en sy vrou, in die middel, by mnr. Izak Botha, voorsitter van die Universiteit se skakelkomitee op Alberton, en mev. Betsie Goldie, eggenote van mnr. Danie Goldie van die Departement Ontwikkeling.

Byeenkoms op Somerset-Wes

Vroeër vanjaar is 'n byeenkoms op Somerset-Wes gereël vir 'n groep Oud-Maties wat voor 1940 studente was. US se adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse, het hulle oor testamentêre bemakings en ander steun aan die Universiteit toegespreek.

By die byeenkoms is, agter: Mnr. J. Paanakker, mev. en prof. H. P. Malan, mev. en mnr. Julian van der Spuy, mev. Haarhoff, mnre. P. H. de Villiers en M. Haarhoff, dr. en mev. H. R. van Huyssteen, mev. en mnr. M. D. de Kock, mev. en mnr. H. E. Greyling, mev. en dr. H. L. N. Joubert en mnr. D. C. Uys (Departement Ontwikkeling, US).

Voor: Mev. Paanakker, mnre. N. A. Blanckenberg en Esterhuyse, prof. E. P. Groenewald, mnr. en mev. J. E. de Villiers, mnr. P. J. Louw, mev. H. Bosma en dr. P. R. Joubert.

Hou dié saamtrek elke jaar?

VIR Transvaalse en veral Pretoriase Oud-Maties het 5 Junie 1982 'n dag geword om te onthou — toe die Maties die Tukkies vir die eerste keer in baie jare in Pretoria kon klop.

Die vorige aand is daar — soos altyd wanneer die Stellenbossers in Pretoria teen UP speel — 'n groot saamtrek van Oud-Maties gehou. Byna 600 mense was vanjaar by die saamtrek in die Yskor-ontspanningsklub. Daar is tot laat die aand jolyt gemaak.

By die saamtrek was onder andere die Vise-Rektor, prof. Roux de Villiers, en natuurlik dr. Danie Craven self.

Ou vriendskapsbande kon weer hernu word, en ná die saamtrek is gevra: Kan dit nie 'n jaarlikse instelling in Pretoria word nie — selfs wanneer die Tukkies op Stellenbosch speel?

STELLENBOSCH oorkant die VAAL

- Verskeie Oud-Maties was later met die Universiteit se kantoor in Johannesburg in verbinding om te sê hulle het nie kennisgewings oor die Oud-Matie-saamtrek en die Matie-Tukkie-wedstryd gekry nie.

Dié kennisgewings is net gestuur aan almal oor wie se adresse die Universiteit beskik. Almal wat dus nie die kennisgewings gekry het nie, kan gerus hulle name en adresse aanstuur.

- Nuusbrokkies oor Oud-Maties in Transvaal kan gestuur word aan die Universiteit se kantoor in Johannesburg (Posbus 4-8898, Rooseveltpark, 2129, tel. 011-46-5569).

Bo: By die Oud-Matie-saamtrek in Pretoria is mev. Dups le Roux, wie se man, Okkie, aan US se kantoor in Johannesburg verbonde is, mnr. Johan Fechter van die Departement Ontwikkeling en mev. Amanda Hechter.

Onder: Daar is tot laat die aand jolyt gemaak.



Matieland het met leedwese verneem van die afsterwe van die volgende Oud-Maties, 'n Matie en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

In Memoriam

Prof. Hans Trümpelmann (78), bekende akademikus van Stellenbosch, wat oorlede is nadat hy enkele maande lank hartprobleme ondervind het.

Prof. Trümpelmann was van 1954 tot met sy aftrede in 1968 hoogleraar in Duits aan die Universiteit van Stellenbosch en het hierna drie jaar lank as hoof van die departement Duits by die Universiteit van Wes-Kaapland waargeneem.

Hy het twee doktorate in Duits en in die Geskiedenis verwerf en is deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns met volle lidmaatskap vereer vir sy studie oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika en die Duitse letterkunde in Suid-Afrika. Prof. Trümpelmann was die stigter en voorsitter van die eerste Afrikaanse toneelgeselskap in Suidwes-Afrika.

Vanaf 1965 tot 1971 het hy in die toneelkomitee van Kruik gedien en van 1960 tot met sy afsterwe in die uitvoerende komitee van die Nasionale Kunsmuseum. Verlede jaar het hy 'n medalje van die kunsmuseum ontvang vir sy lewenslange bevordering van kuns.

Prof. Trümpelmann was die eerste Suid-Afrikaner wat die internasionale Goethe-medalje van die Wes-Duitse regering ontvang het. Hy was die skrywer van die Duits-Afrikaanse Woordeboek en het talle artikels vir die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek geskryf.

Dr. William Hofmeyr (Don) Craib (86), Suid-Afrikaanse mediese navorser wat wêreldwyd beskou word as die vader van die elektrokardiogram. Hy is op Somerset-Oos oorlede.

Hy is deur die Universiteit van Stellenbosch en vyf ander Suid-Afrikaanse universiteite met eredoktorate vereer vir sy belangrike werk ter bevordering van die mediese tegnologie. Mediese verenigings in Suid-Afrika, Europa en Amerika het hom by verskeie geleenthede vereer en hy is gekies tot ere-lid van die Vereniging vir Bio-ingenieurswese van Suid-Afrika.

Dr. Craib was ook lid van die Eerste Minister se wetenskaplike adviesraad en is aangestel as ere-ondervoorsitter van die WNNR.

Mnr. Bernabé de la Bat (53), voorsitter van die Regeringsdienskommissie van Suidwes-Afrika en voormalige hoofdirekteur van natuurbewaring. Sy broer, mnr. Ritzema de la Bat, is besturende direkteur van die KWV en lid van die Universiteitsraad. Hulle vader, wyle dr. G. de la Bat, was jare lank hoof van die skool vir dowes op Worcester. Wyle mnr. De la Bat se seun Jean-Gerhard studeer op Stellenbosch.



Wyle prof. Trümpelmann

Mnr. J. M. (Jack) Potgieter (84), bekende oud-onderwyser, van Claremont, Kaapstad, wat langer as 30 jaar op Tulbagh skoolgehou het en nadat hy afgetree het totdat hy diep in sy sewentigerjare was op verskeie plattelandse dorpe tydelike poste beklee het. Sy dogter, mej. Marliën Potgieter, en seuns, Johannes, Theoniel en Pieter, is almal Oud-Maties en sy seun Jacobus, 'n ingenieur wat in 1973 in Pretoria in 'n motorongeluk dood is, was ook 'n Oud-Matie.

Prof. Willie Frahn (55), 'n teoretiese kernfisikus wat wêreldbekendheid op sy vakgebied verwerf het en 'n groot bydrae tot die teoretiese kernfisika in Suid-Afrika gelewer het, is op Somerset-Wes oorlede. Hy was die hoof van die departement fisika by die Universiteit van Kaapstad en vroeër ook lektor by die Universiteit van Stellenbosch.

Meer as die helfte van die teoretiese kernfisici in die land het onder prof. Frahn gestudeer. Hy is in 1970 met die Havenga-prys vir fisika bekroon en het in 1979 die medalje van die SA Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap ontvang.

Mnr. John MacKenzie Johnson (65), senior amptenaar by die Universiteit van Stellenbosch en eienaar van die kiosk agter die Coetzenburg-stadion, wat in die Tygerberg-hospitaal oorlede is nadat hy aangerand is.

Brig. B. J. (Boytjie) Viviers (43), direkteur, operasies, van die Weermag en gewese bevelvoerder van die valskermbataljon op Tempe by Bloemfontein. Hy het in 1958 by die Leër aangesluit en in 1961 die graad B.Mil. aan die Militêre Akademie op Saldanha behaal.

In 1963 het hy 'n offisier geword met die rang van luitenant by die valskermbataljon op Tempe. Hy het al sy verdere range ook by die eenheid verwerf. In Desember 1968 het hy op dertigjarige leeftyd die jongste bevelvoerder nog van die valskermbataljon op Tempe geword. Later was hy bevelvoerder van die Kommandement Noord-Transvaal.

Mnr. Esias Johannes (Boet) Landman (52), 'n bekende in onderwyskringe in Oos-Kaapland, wat tot die einde van 1981 departementshoof by die Hoërskool Despatch was, waar hy 25 jaar lank onderwys gegee het. Hy moes enkele jare gelede weens swak gesondheid uit die onderwys tree. Mnr. Landman het die graad B.A. en 'n onderwyskwalifikasie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Mej. Lizbé Brand (18) van Pierneefstraat, Parow-Noord, 'n huishoudkunde-student in haar eerste jaar, wat in die Tygerberg-hospitaal oorlede is nadat sy en haar broer Ian (20), ook 'n student, buite Stellenbosch in 'n fratsongeluk betrokke was.

AANGESTEL en BEVORDER

VIER dosente is onlangs by die Universiteit aangestel of tot dié pos bevorder en vyf is tot mede-professore bevorder.

Prof. H. J. Odendaal van die Universiteit van die OVS word hoogleraar en hoof van die Departement Ginekologie en Verloskunde en prof. J. du Preez is tot professor en hoof van die Departement Sendingwetenskap bevorder. Proff. J. J. de V. Joubert (kaak-, gesig- en mondchirurgie) en J. R. Potgieter (liggaamlike opvoedkunde) is ook nuwe professore. Die nuwe mede-professore is proff. N. J. Botha (maatskaplike werk), H. J. B. Combrink (Nieu-Testamentiese vakke), J. M. de Villiers (toegepaste wiskunde), J. A. Malan (opvoedkundige sielkunde) en P. Walters (fisika).

Prof. Du Preez het die grade B.A., M.A., B.D. en D.Th. aan US verwerf, was 21 jaar lank rektor van die Teologiese Skool Decoligny, vir Xhosa-sprekende studente by Umtata en is sedert 1975 aan die Kweekskool verbonde. Hy is lid van verskeie teologies-wetenskaplike werkgemeenskappe, dien in verskillende sinodale sendingkommissies en is benoem as 'n lid van die NG Kerk se vergrote afvaardiging na die sitting van die Wêrelbond van Gereformeerde Kerke wat in Augustus in Ottawa gehou word.

Prof. Odendaal, hoof van die departement Verloskunde en Ginekologie by die Vrystaatse Universiteit, het die grade M.B. Ch.B. (1966) aan UP en in 1972 M.Med. (*cum laude*) aan US verwerf. Dieselfde jaar verwerf hy nog twee kwalifikasies — L.K.O.G. by die Suid-Afrikaanse Kollege van Medisyne en M.R.C.O.G. by die Koninklike Kollege vir verloskundiges en ginekoloë in Brittanje. Drie jaar later verwerf hy die graad M.D. by U.S. Prof. Odendaal was voorheen onder meer eerste spesialis by die Tygerberg-hospitaal. Hy is die skrywer van 27 en mede-skrywer van 23 publikasies.

Prof. Joubert het die grade B.Ch.D. aan UP (farmakologie en interne geneeskunde met onderskeiding) en Ph.D. (Odont.) in 1975 aan US verwerf, was onder meer professor en hoof van die departement mondchirurgie en röntgenologie by die Universiteit van Wes-Kaapland en kolonel in beheer van die tandheelkundige afdeling by die Weermag in Pretoria en is die skrywer of mede-skrywer van nege navorsingsreferate en 29 publikasies.





Proff. Du Preez, Odendaal, Joubert en Potgieter.

Prof. Potgieter het die grade B.A., B.Ed.Ph. (*cum laude*), Ph.D. en B.A.-honneurs in sielkunde (*cum laude*) op Stellenbosch, B.Ed. en M.Ed. by Rhodes en M.A. aan die Universiteit van Alberta in Kanada verwerf, is die skrywer van talle publikasies en was as afrigter of administrateur by 'n vyftal sportsoorte betrokke (hy was bestuurder en afrigter van die WP-skoleswemspan en was tot verlede jaar 'n provinsiale rugby-skeidsregter).

Prof. Botha het die graad B.A. Soc.Sc. (met drie hoofvakke) in 1966 by Unisa verwerf. Hierna verwerf sy die grade B.A. en M.A. in maatskaplike werk (albei *cum laude*) en D.Phil. (1976) by U.S. Sy is onder meer betrokke by verskeie opleidingsprogramme, kursusse en werkgroepe by welsynorganisasies en universiteite.

Prof. Combrink het gedurende 1960 tot 1968 die grade B.A., B.D., Hons.-B.A. in Grieks en die proponente-eksamen alles met lof aan UP behaal en sy doktersgraad in Amsterdam verwerf, was dosent aan UP en RAU voordat hy senior lektor op Stellenbosch geword het en is die skrywer van tien vakpublikasies, medewerker aan 'n handleiding by die bestudering van die Nuwe Testament en redakteur van 'n reeks kommentare oor die Nuwe Testament.

Prof. De Villiers verwerf die grade B.Sc. en Hons.-B.Sc. (albei *cum laude*) in 1968 en 1970 by US. Vier jaar later verwerf hy die graad Ph.D. aan die Universiteit van Cambridge. Hy is dirigent van die Universiteitskoor.

Prof. Malan verwerf die graad B.A. in 1966 by Unisa nadat hy reeds twee onderwysdiplomas by die opleidingskolleges in die Paarl en op Wellington verwerf het. Hierna verwerf hy by die Universiteit die grade B.Ed. in 1968, M.Ed. (*cum laude*) in 1971, D.Ed. in 1976 en Hons.-B.A. (*cum laude*) in 1980. Hy is hoof van die kliniek vir Kinder- en Ouerleiding by die Fakulteit van Opvoedkunde.

Prof. Walters het die grade B.Sc. (fisika met onderskeiding) in 1961, Hons.-B.Sc. in 1963, M.Sc. (*cum laude*) in 1964, S.O.D. in 1964, en D.Sc. in 1970 aan US verwerf. Hy is onder meer hoofbestuurslid van die S.A. Spektroskopiese Vereniging.



Proff. Botha, Combrink, De Villiers, Malan en Walters.

'N STELLENBOSCH MBA

Oorweeg die Voordele en Nadele

Voordele

TWEETALIGE PROGRAM
Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool in Bellville bied jou 'n volkome tweetalige MBA-kursus, wat 'n besondere voordeel in vandag se snel-veranderende sakewêreld is.

INTERNASIONALE ERKENNING
Die MBA van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool geniet internasionale erkenning. Die Skool se gebruik van moderne onderrigmetodes sowel as klassieke opleiding rus jou toe met 'n unieke en buigsame benadering tot hedendaagse bestuur.

BAANBREKER-AANSLAG
Stellenbosch beklee vanweë sy gevorderde onderrigtegnieke 'n unieke posisie onder Suid-Afrikaanse Bestuurskole. Die Bestuurskool is 'n baanbreker op gebied van modulêre onderrig. Aktuele kursusse soos o.a. strategiese bestuur, omgewingsverkenning, arbeidsbetrekkinge, praktiese kommunikasie en entrepreneurskap rus die student toe vir die uitvoering van sy/haar leierskapstaak.

BUIGSAAMHEID
Die Stellenbosch MBA-program is beplan om aan die behoeftes van potensiële studente in 'n verskeidenheid van omstandighede te voldoen.

Heeltydse MBA-Program: Intensiewe klasbywoning oor een jaar vir dié wat dit verkies.

Deeltydse MBA-Program: Aandklasse oor twee jaar vir die werkende persoon in die Wes-Kaap.

MBA vir Uitvoerende Bestuur: Beperkte blokklasbywoning oor drie jaar vir bestuurders van oor die hele land wat nie heeltyds kan studeer of aandklasse kan bywoon nie.

MBA vir Mannekragpraktisyns: Beperkte blokklasbywoning oor drie jaar vir die mannekragpraktisyn wat verder wil studeer.

DESKUNDIGE OPLEIDING
Ervare en bekwame dosente sal die grondslag vir jou toekoms help daarstel. Terselfdertyd word jy ook die geleentheid gebied om die stimulerende insette van besoekende oorsese spesialiste en plaaslike sakeleiers te ervaar.

Nadele

BEPERKTE TOELATING
Skryf betyds in om 'n plek te verseker.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BESTUURSKOOL

Omskep bekwaamheid in winsgewendheid

Onweerlegbare argumente ten gunste van die MBA-program van die Stellenbosch Bestuurskool! Skryf vandag reeds om 'n brosjure aan: **Die Direkteur, Universiteit van Stellenbosch — Bestuurskool, Posbus 610, Bellville 7530. Telefoon (021) 97-8315/6.**

NAAM: _____

ADRES: _____

DM&M C3433/1

Award to former dean

THE 1982 award of the Federation of Societies of Professional Engineers was made to Dr R. L. Straszacker, former professor in mechanical engineering at the University.

Dr Straszacker was one of the first lecturers in engineering at Stellenbosch in the early 1940's. He became professor in 1943 and was dean of the Faculty of Engineering until his appointment in 1962 as chairman of Escom.

While at Stellenbosch, he served as chairman of a commission of enquiry into the method of training for university degrees in engineering. This culminated in 1964 in a report which made a considerable impact on engineering professional bodies and on the engineering faculties of South African universities.



Prof. Straszacker

At Escom he was faced with the power supply demands of a rapidly expanding economy and the problem of generating power at the most efficient points, while ensuring distribution over the entire country. When he retired in 1980 a system had been established to meet not only present demands, but to cater for the future when nuclear power stations on the coast will supplement the power developed from fossil fuel inland.

Dr Straszacker has a lengthy record of service on scientific councils and advisory boards, and of honours received from academic and professional institutions.

The FSPE Award was instituted last year to give recognition to engineers of stature and achievement who have been prominent in advancing the interests and status of the profession.



Met hulle intreeredes is proff. Dreyer, Van der Colf en Meij saam met die dekaan van ingenieurswese, prof. H. C. Viljoen, tweede van regs.

Intreeredes by Ingenieurswese

DRIE nuwe professore van die Fakulteit van Ingenieurswese het vroeër vanjaar hulle professorale intreeredes gelewer. Hulle is proff. T. P. Dreyer (toegepaste wiskunde), J. T. Meij (bedryfsingenieurswese) en J. van der Colf (metallurgiese ingenieurswese).

Prof. Dreyer het in sy intreerede die rol van toegepaste wiskunde by die Universiteit geskets. Hy het daarop gewys dat die vak se inhoud geleidelik verskuif het van die meganika (aangebied as 'n dienskursus vir ingenieurstudente) na numeriese metodes — hoofsaaklik vanweë die koms van die elektroniese rekenaar.

Wiskundige modellering het van toenemende belang geword en word nou algemeen toegepas in vakke soos ekonomie, botanie, krygskunde, geneeskunde en sosiologie, en natuurlik die hele ingenieursveld, het prof. Dreyer gesê.

Prof. Meij se intreerede het die klem laat val op die bedryfsingenieurswese as 'n sleutelberoep in die produktiwiteitsketting. Arbeidsproduktiwiteit in Suid-Afrika is aansienlik laer as in ander nywerheidslande. Die groei in arbeidsproduktiwiteit word belemmer deur 'n nypende tekort aan opgeleide mannekrag en entrepeneurs.

Die beter benutting en vol besetting van bestaande kapitaalbronne en die uitbouing van tegnologiese vernuwing is hiervoor belangrike voorvereistes. Dit is waar die bedryfsingenieur 'n sleutelpersoon is: Sy werk strek vanaf die produkontwerpstadium deur die vervaardigings- of leweringstadia tot by die bemarkingstadium en hy spits hom veral toe op beplanning, doeltreffendheid en produktiwiteit.

Prof. Meij het daarop gewys dat daar 'n behoefte aan 3 000 bedryfsingenieurs in Suid-Afrika bestaan, terwyl slegs 500 in die arbeidsmark beskikbaar is.

Prof. Van der Colf het die klem in sy intreerede laat val op faktore wat beperkend op die metallurgiese ingenieurswese in die Republiek inwerk.

Mynbou was in 1980 verantwoordelik vir driekwart van die land se verdienste aan buitelandse valuta en vir dertig persent van die staat se inkomste in die vorm van direkte en indirekte belasting.

Verskeie faktore werk egter beperkend in op die benutting van die land se minerale-rykdom. Afgesien van geologiese, mineralogiese en kapitaalfaktore, word 'n tekort aan ingenieurskundigheid in die ekstraktiewe metallurgie ondervind.

Vir 'n groter staatsbetrokkenheid by voorgraadse opleiding en navorsing in dié rigting — insluitende die koördinering van navorsingsrade — kan 'n groter saak uitgemaak word, meen prof. Van der Colf.



Vir Lofwaardige Diens...

DRUKWERK- EN VERPAKKINGSPESIALISTE

TRIO-RAND DRUKKERS Tel. 53-2011
S.A. LITHO CO. LTD. Tel. 53-2011
PREMIER STATIONERY Tel. 53-2011
REPROGRAPH REPRODUCTIONS Tel. 53-2011
AFRIC MAIL ADVERTISING Tel. 45-4301
STANDARD PRESS Tel. 53-2011
SPECTRUM OFFSET Tel. Johannesburg 836-9391
DAGBREEK PERS (KAAP) Tel. 53-2011
MASKEW MILLER Tel. 22-4151, 45-7731
PLASTICWRAP Tel. 53-2011

TRIO·RAND/S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

Prof. De Wet *Prof. Opperman* *Dr. Naudé* *Audrey Blignault* *Dr. Treurnicht*

Oud-studente en -dosente word vereer

DRIE bekende Oud-Maties, asook die gevierde digter, dramaturg en gewese hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands prof. D. J. Opperman en die afgetrede dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, prof. J. C. de Wet, het vanjaar die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens — Suid-Afrika se hoogste burgerlike eerbewys — ontvang.

Die Oud-Maties wat vereer is, is die bekende skryfster Audrey Blignault dr. S. Meiring Naudé, oud-voorsitter van die WNNR, en dr. A. P. Treurnicht, voormalige kabinetslid en tans leier van die Konserwatiewe Party.

Prof. Opperman het in 1960 hoogleraar in Afrikaanse letterkunde by die Universiteit geword en die eregraad D.Litt. is in 1976 aan hom toegeken. Prof. De Wet het van 1931 tot 1953 op Stellenbosch gestudeer en het voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n tweede doktorsgraad in Nederland verwerf. Hy het ere-doktorate van drie universiteite ontvang.

Audrey Blignault (mev. De Villiers) het die grade B.A. (1936), M.A. (1938), 'n onderwysdiploma en 'n primêre onderwysdiploma in drama (albei in 1939) by die Universiteit verwerf.

Dr. Meiring Naudé het die grade B.Sc. (1924) en M.Sc. (1925) albei *cum laude* by die Universiteit verwerf. Een van die agt ere-doktorate wat aan hom toegeken is, het hy van die Universiteit ontvang.

Dr. Andries Treurnicht het van 1939 tot 1945 op Stellenbosch gestudeer. Hy het in 1941 B.A. verwerf en hom daarna as predikant bekwaam.

Oud-Maties: *Adresse, asseblief*

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u — of 'n ander Oud-Matie van wie u weet — nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul en stuur aan:

Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch, 7600

Titel en van: .....

Voorname: .....

.....

.....

Nooiensvan: .....

My ou adres vir *Matieland*: .....

.....

.....

.....

My nuwe adres vir *Matieland*: .....

.....

.....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

.....

.....

.....

Nadere besonderhede (prestasies, ens.): .....

.....

Van Maties en Moskou tot Qwaqwa

TOE die jong Werner Mödinger in Februarie 1964 as Wes-Duitse uitruilstudent met die moretrein uit Johannesburg op Stellenbosch aangekom het, was dit nie net die begin van 'n gelukkige tydperk as Matie nie. Deur die toedoen van Stellenbossers sou hy later ook US-dosent word en uiteindelik sôu 'n Oud-Matie-meisie hom heeltemal vir Suid-Afrika pootjie — maar nie voordat hy eers in Moskou ook gaan studeer het nie!

Binne enkele weke nadat hy vir die eerste keer op Stellenbosch aangeland en sy intrek in Huis Marais geneem het, kon die jong Wes-Duitser redelik goed Afrikaans praat. Sy grootste probleem was egter dat hy nie 'n studierigting gehad het nie.

In Stuttgart — waar hy grootgeword het — het hy die "Abitür" (standerd 11) met onderskeidings in feitlik al tien sy vakke geslaag. Voordat hy kursusse in wiskunde, fisika, astronomie, filosofie en geologie by die tegniese universiteit van Stuttgart gevolg het, moes hy ook 'n nywerheidspraktikum aflê — by die bekende Porche-motorfabriek (hy vertel dat die jong Peter Porche vroeër 'n skoolmaat van hom was).

Met sy aankoms op Stellenbosch het hy dus oor meer kennis beskik as wat vir 'n B.Sc.-graad vereis word, maar omdat hy nie 'n B.-graad gehad het nie, kon hy nie tot 'n honneurskursus toegelaat word nie. Met die Senaat se toestemming kon hy toe met 'n M.-graad in wiskunde begin.

In die jaar wat hy uitruilstudent op Stellenbosch was, het dit egter nie net gebly by wiskunde bestudeer nie. Sommer met die intrapslag het hy besluit dat, aangesien hy slegs 'n jaar in Afrika sou wees, hy soveel moontlik van die "donker kontinent" in dié tydjie te siene moes kry.

Daarvoor het hy 'n nie-so-nuut-nie BMW-motorfiets aangeskaf — en elke naweek wat hy kon die onbekende aangedurf. Teen die tyd dat M.Sc. agter sy naam kon pryk, het hy 13 000 km met die BMW afgelê.

In die vyftien maande voordat hy die Eikestad se berge vaarwel moes toewuif om na sy "heimat" terug te keer, het die Wes-Duitser onder meer 'n sangfees, twee BTK-toere, 'n studentetoer na Mosambiek, Malawi en (destyds) Rhodesië asook 'n ekspedisie van twee weke na die Brandberg in Suidwes op soek na Boesmantekeninge beleef. Met laasgenoemde het hy Steentydperkwerktuie gevind wat nou in die Windhoek-museum pryk.

Slegs drie maande nadat hy uit Suid-Afrika weg is, is Werner weer 'n uitruilstudent — by die Lomonossov-universiteit in Moskou. Sy woonplek lyk nou anders as Huis Marais! Die hele Lomonossov-universiteit — al die lesingsale, musiek- en drama-teaters, sportgeriewe, kafeteria, poskantore, banke, inkopiesentra en selfs 'n kraamhospitaal, saam met woonplek vir 7 000 studente — word in een gebouekompleks van 32 verdiepings gehuisves.

Gebr. De Wet, Posbus 21, Stellenbosch Telefoon 02231-73030

Oud-Matie-sweetpakke (wat elke Oud-Matie móét hê)	vanaf	R33,20
Oud-Matie T-hempies	vanaf	R6,50
Oud-Matie en Matie-kleurbaadjies (donkerblou en pruimrooi)	teen	R79,95
Oud-Matie- en Matie-dasse	teen	R9,95

(AVB uitgesluit)

Soos van ouds verkrygbaar by:

gebr. **de Wet** bros.
(pty) ltd. (edms) bpk.

Links: Werner Mödinger as Matie in 1964 in Suidwes op toer met die BMW waarmee hy 13 000 km afgelê het.

Onder: 'n Bietjie anders as Huis Marais! Die gebou van die Lomonossov-universiteit in Moskou, waar prof. Mödinger gestudeer het kort nadat hy uitruilstudent op Stellenbosch was. Die vleuels links en regs huisves 7 000 koshuisgangers en in die 32 verdiepings in die middel is die res van die Universiteit.

Soos in Suid-Afrika probeer Werner Mödinger in Rusland soveel wiskundige navorsing doen en reis as wat moontlik is in die een jaar wat hom daar gegun word.

Reeds in sy kinderjare in Stuttgart het hy Russies geleer by 'n klasmaat wie se ouma dit vir die jong Werner geleer het in ruil vir die wiskundelesse wat hy vir haar kleinseun gegee het. In Moskou kon hy in 'n stadium Russies so goed praat dat hy met internasionale wetenskapkongresse as tolk opgetree het.

Naweke en vakansies het hy met sy etiket-beplakte rugsak plekke soos Alma Ata, Samarkant, Bakoe, Tiflis, Yalta, Kief en Leningrad besoek — kortweg oral waar Russiese permitte hom toegelaat het om te gaan.

Omdat trein- en vliegtuigry in Rusland goedkoop is, reis hy dié keer nie op 'n BMW of saam met studentetoere nie. Toe dit huistoegaantyd word, reis hy per trein uit Moskou oor Stalingrad, Teheran, Ankara, Istanbul en Athene tot in Stuttgart.

Terug in sy tuisstad voltooi hy die staatseksamen in fisika en wiskunde (gelykstaande aan 'n M-graad) asook die staatseksamen in opvoedkunde en word onderwyser op Schwabish Gmund.

Deur die bemiddeling van twee Stellenbossers, proff. Siegfried Göldner (Departement Wiskunde) en Alan Heydorn (Fakulteit van Ingenieurswese) keer hy in 1969 terug Eikestad toe as lektor is wiskunde. Vroeg die volgende jaar is hy met Oud-Matie Joan Clark getroud.

Die egpaar was onder meer toerouers vir verskeie BTK-toere (insluitende die klub se eerste twee berghutbou-kampe) asook vir 'n toer van Dasus (die Duitse studentevereniging) tot in noord-Angola.

Voordat hy sy doktorsgraad in 1977 in Stuttgart verwerf het, het hy dosent aan die destyds nuutgestigte Universiteit van Transkei in Umtata geword. Hy was die universiteit se eerste dekaan van natuurwetenskappe en het ook in die universiteitsraad gedien.

Teen die einde van verlede jaar is prof. Mödinger aangestel as eerste direkteur van die Universiteit van die Noorde se Qwaqwa-tak, wat vroeg vanjaar geopen het.

Die geskiedkundige Stofbergkweekskool op Witzieshoek is ingeskakel by die nuwe universiteitstak — wat tydelik op Lera-la-Tschepe gehuisves word in die geboue van 'n tegniese kollege wat die Anglo American-korporasie aan Qwaqwa geskenk het. 'n Nuwe universiteitskampus word vir 1986 beplan.

Soos op Stellenbosch, woon die Mödingers weer digby die berge en hulle seuntjies, Heinrich (9) en Thomas (3), word nou net sulke toegewyde natuurliefhebbers soos hulle swerflustige pa.

Joan en Werner Mödinger met hulle seuns, Thomas en Heinrich.

Prof. H. L. Gonin
Foto: Oggendblad

76-jarige praat vlot Latyn

'n OUD-MATIE en oud-dosent van die Universiteit, 76-jarige prof. H. L. Gonin van Pretoria — aan wie die 24ste uitgawe van Acta Classica, tydskrif van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika, vroeër vanjaar opgedra is — is 'n merkwaardige man.

Hoewel hy ná 34 jaar as dosent in die klassieke tale by UP afgetree het, doseer hy steeds latyn by RAU en werk as navorsingsbeampte by Unisa.

Hy kan Latyn goed praat en skryf en het ook 'n uitstekende kennis van Duits en Frans. Ná sy aftrede was hy waarnemende hoof van UP se departement Frans.

Prof. Gonin was in 1924 eerstejaar op Stellenbosch. In 1926 het hy B.A. met lof verwerf, waarna hy met 'n Rhodes-beurs Oxford toe is, M.A. in 1930 verwerf het en in Leiden verder gestudeer het. Hy was van 1933 tot 1938 dosent in die klassieke tale op Stellenbosch.

Later het hy ook regte gestudeer, LL.B. in 1950 met lof verwerf en tot 1954 deeltyds as advokaat gepraktiseer. Met sy Latynse en regskennis het hy 'n groot bydrae tot die regstudie gelewer.

Hy is 'n oud-voorsitter van die SA Universiteite-Atletiekvereniging.

Smittie byna deur die seniors versmoor

Ds. (emeritus), R. P. B. (Oom Dolf) Erasmus, Fauresmith:

DIE winter van 1925 het net begin tande wys. Die trein op Stellenbosch-stasie daardie Saterdagoggend is gepak met Maties. Almal juig uitbundig toe die trein vertrek. Dis my eerste Intervarsity.

Ons eerstejaars veral is die ene opgewondenheid. Van Intervarsity al gehoor en gelees, maar nog nie gesien en geproe nie. Nou het dié groot dag aangebreek!

Op Kaapstad-stasie stap almal af. Gou word eers 'n draai gegooi by die parade om 'n bietjie vrugte te koop en al die woeligheid gade te slaan. Orals is die manne besig om hul beste ware aan te prys: messe, borde, horlosies, spykers, hamers, naalde — net die olifant het ontbreek.

By die vrugtestalletjies word jy hartlik verwelkom: "Lekka, lekka pienannas. Dêtig ve-he sjieling" (10c).

Eindelik word 'n transaksie beklink en ek stap die trein na Nuweland binne met 'n vaal papiersak heerlike piesangs.

Op Nuweland aangekom, borrel ons eerstejaars die eerste uit. Draf-

Five Bob en Vale jaag resies

Dr. I. S. Terblanche, Randstraat 4, Bellville:

NA aanleiding van die versoek in *Matieland*, wil ek hierdie staaltjie oor wyle Five Bob vertel:

Omstreeks 1930 was daar 'n Van Dyk op Stellenbosch. Ek het nog nooit geweet wat sy name of selfs voorletters is nie; ons het hom maar net as Vale (of Valetjie) van Dyk geken.

Een aand so 'n rukkie ná sononder staan Vale en 'n paar vriende by hul fietse op die hoek van twee strate en gesels toe Five Bob onverwags by hulle aankom, van sy fiets afklim en ondersoekend na hul fietse kyk.

Vale van Dyk nie links nie, spring op sy fiets en laat waai — met Five Bob agterna. Nadat hulle 'n paar strate kruis en dwars gery het en redelik ver van hul beginpunt was, klim Vale af en staan by sy fiets en wag totdat Five Bob uitasem daar aangery kom, afspring en die "voortvlugtige" se fiets aandagtig bekyk.

"Maar daar is mos 'n 'ticket' aan jou fiets," sê hy.

"Ja," antwoord Vale, "en wat daarvan?"

"Waarom het jy dan so rondgejaag?"

"Sommer maar. En jy?"

Hierop kon Five Bob niks sê nie, maar wat hy nie geweet het nie, was dat een van Vale se maats, wat natuurlik intussen almal verdwyn het, nie 'n "ticket" aan sy fiets gehad het nie!

Regs: Five Bob (mnr. M. S. Weyers) as Stellenbosch se verkeerskonstabel met die fiets waarmee hy die strate gepatrolleer het. By hom op dié foto wat in Die Stellenbosche Student *van Augustus 1939 verskyn het, is 'n student van destyds, mnr. J. G. (Jan) van der Horst, wat nou 'n bekende sakeman en US-raadslid is.*

stap gaan dit na die hekke se kant toe. Ongelukkig is dié nog gesluit.

Klein Smittie, tingerig en kort gebou, een van my klasmaats, is ook in die bondel. Ons staan teen die hekke om eerste binne te gaan.

Die senior studente daag op en nou begin die poppe te dans. Hulle begin om ons van alle kante af teen die sinkmuur vas te druk.

Dinge loop verkeerd. Klein Smittie haal moeilik asem en woel met alle mag om aan die lewe te bly en by die "bo-lug" uit te kom. Ons rondom hom probeer alles om hom te red.

Ná 'n lang gespook slaag ons daarin om hom bo te kry en kon hy gelukkig oor die manne se koppe na veiliger grond beweeg.

Ek span alle kragte in om uit die woelende massa te kom. Eindelik is ek bevry en met beteuterde oë kyk ek na die stuk vaal papier in my hand. Van piesangs is daar geen sprake nie. Al troos is: Klein Smittie is gered!

OU VOORBLAD BRING VERLANGE

Mnr. J. A. (Au) Jonker, Posbus 1008, Brits:

OP bladsy vyf van u spogblad (Mei 1982) is 'n foto van die voorblad van *Matieland* (jaargang 1, deel 1, Maart 1957) waarop ek en my destydse kamermaat onder andere verskyn.

BRIEWE AAN . . .

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit
7600 Stellenbosch

In die groepie van vier op die voorgrond kyk na die kamera, van links na regs, ek self (met die blonde hare), wat reg agter die student op die fiets staan, en Marius Benjamin de Vries (met die swart hare).

Ons het in 1956 as eerstejaars begin (B.A., LL.B.) en was kamermaats.

Die foto voor die historiese Ou Hoofgebou het my sommer 25 jaar teruggeneem. Ons was toe tweedejaars, nie 'n bietjie slim nie, en die langpad het nog voorgelê — vreugdevolle jare!

Ek was as eerstejaar in Dagbreek, tweede jaar privaat en vanaf my derde jaar tot 1960, toe ek LL.B. voltooi het, in Simonsberg. Daarna het ek by die Staatsprokureur in Pretoria my leerklerkskap voltooi en was daarna hoofregsadviseur by die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede in Pretoria.

Sedert 1968 praktiseer ek as prokureur op Brits en sedert 1977 is ek bevoorreg om LPR te wees van die kiesafdeling Brits (met dr. Jan Grobler as LV).

Mnr. M. B. de Vries het vir jare in Kuilsrivier as prokureur gepraktiseer en is tans 'n landdros in die Staatsdiens (ek dink op Upington).

Mag ek u 'n guns vra? Het u nie dalk vir my 'n eksemplaar van Maart 1957 se *Matieland* of die ou foto (of afdrukke daarvan) nie? Ek sal dit só waardeer.

Baie dankie vir u mooi blad. Sterkte en sukses word u toegebid op die pad vorentoe.

Ons het ongelukkig nie meer 'n ekstra eksemplaar van die Maart 1957-uitgawe nie, maar stuur aan u 'n fotoafdruk daarvan. Kan een van ons lesers dalk dié eksemplaar aan mnr. Jonker afstaan? — Red.

Wêreldberoemde vir Endlersaal

DIE beroemde Nederlandse sopraan Elly Ameling bied op 22 September 'n uitvoering in die Endlersaal by die Universiteit aan. Dit is een van die vier hoofkonserte wat die Konservatorium vir die tweede semester reël.

Die ander drie belangrike uitvoerings is 'n optrede op 11 Augustus deur die Kruik-orkes saam met die Stellenbosse Universiteitskoor en die sopraan Nellie du Toit, 'n orreluitvoering op 21 Augustus deur die Australiër Robert Ampt, stadorrelis van Sydney, en 'n uitvoering op 19 Oktober deur die briljante jong Franse violis Régis Pasquier.

In die Endlersaal sal sy liedere van Schubert, Wolf en Richard Strauss sing.

Programbesonderhede oor die Franse violis Regis Pasquier se uitvoering op 19 Oktober is nog nie bekend nie.

'n Reeks van elf kort Sondagaanduitvoerings word ook gedurende die tweede semester in die Endlersaal aangebied. Leidende musici van Stellenbosch en Kaapstad, asook verskeie van die Universiteit se eie ensembles — soos die US-Simfonieorkes, US-Strykorkes, US-Blaasorkes en die Konservatorium-Dameskoor — tree in hierdie uitvoerings op.

Die Kruik-orkes word gedirigeer deur Christopher Dowdeswell. Die program sluit in *Suid-Afrika: Nag en daeraad*, van die Suid-Afrikaanse komponis Hubert du Plessis, dosent aan die Konservatorium, wat onlangs sy sestigste verjaardag gevier het. Werke van Schumann, Beethoven en Dvorák is ook op die program. Nellie du Toit, wat in dié uitvoering as soliste optree, is dosente in sang by die Konservatorium.

Robert Ampt speel orrelwerke van Bach, Buxtehude en Couperin asook ander werke uit die sestiende tot twintigste eeu op die Konservatorium se Marcusson-orrel — een van die beste konsertorrels in die land.

Elly Ameling word beskou as die wêreld se voorste lieder-vertolker. Sy het reeds wêreldwyd opgetree, onder andere saam met dirigente soos Bernard Haitink, Ernest Ansermet en Rafael Kubelik. Haar gereelde begeleiers is Jörg Demus, Rudolf Jansen en Dalton Baldwin — lg. begelei haar met die uitvoering op Stellenbosch.

Plaatopnames van haar is deur talle maatskappye vrygestel. Sy is deur koningin Juliana met 'n ridderorde vereer en het ook 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Brits-Columbia in Kanada.

Die Sondagaanduitvoerings bied aan die publiek die geleentheid om kort uitvoerings van 'n hoogstaande gehalte teen lae toegangspryse by te woon.

'n Reeks gratis etensuurkonserte word ook deur die Konservatorium aangebied. Dit sluit onder meer in 'n uitvoering deur musiekstudente van die Universiteit van Kaapstad op 3 September, 'n konsert deur fluitstudente van die Konservatorium op 11 September en 'n optrede deur die Konservatorium-orkes op 21 Oktober.

Die uitvoerings deur Elly Ameling, Robert Ampt en Régis Pasquier word deur die Konservatorium in medewerking met die Oude Meester-Stigting vir die Uitvoerende Kunste aangebied, en die een deur die Kruik-orkes, die Universiteitskoor en Nellie du Toit in samewerking met Kruik.

Plekbesprekings vir uitvoerings in die Endlersaal kan soggens gedoen word by Teaterbesprekings (Edrich), tel. (02231) 6168.

Oud-Maties en ander belangstellendes, veral in Wes-Kaapland, wat gereeld op hoogte gehou wil word oor die Konservatorium se uitvoerings en programbesonderhede daaroor kan skryf aan Die Direkteur, Konservatorium, Neethlingstraat, Stellenbosch, 7600.

DIE Maties se eerste dameshokkiespan van tien jaar gelede het die huidige eerstespan vir 'n wedstryd vroeër vanjaar uitgedaag — en die 1972-span het as die oorwinnaars van die veld af gekom!

In die 1972-span was spelers soos Melanie Muller, Arlene Coates (nou Wiley), Rennie Basson (Rose-Innes) — almal oud-Springbokke — asook ander groot name soos Anita Joubert en Lynne Segall (Martin).

Blykbaar het almal nie meer al die reëls geken nie, maar die ondersteuning van die toeskouers — en hulle partydigheid — het uiteraard gehelp om die span van 'n dekade gelede oor die jonges te laat seëvier.

Dié groot wedstryd was deel van 'n besonderse reünie waarvoor oudspelers van die Dameshokkieklub selfs van so ver as Pretoria af Stellenbosch toe is. Naas die 1972-span het een bestaande uit die res van die oudspelers ook 'n wedstryd gespeel. Bekendes soos Mariette en Elta Cronjé (nou Fullard en Voortman) van die middel-sestigerjare en Adlene van Blerk van die vroeë sestigerjare het hard gespeel en hulle bes probeer, maar moes teen die huidige klubspan verloor.

Nog twee klubspanne het ook aan die "feeswedstryde" deelgeneem. Neutrale skeidsregters (van Kaapstad af) het al die wedstryde gehanteer.

Ná die wedstryde — wat op die klub se spogbane op Welgevallen ge-

Die Nederlandse sopraan, Elly Ameling, wat binnekort op Stellenbosch optree.

speel is — het die huidige klublede die oud-spelers op 'n vleisbraai by Tricelle in Jonkershoek onthaal.

Daar het die jonges geluister hoe die oud-studente wat nog so jonk van gees is die hokkiedinge van die verlede herleef. Staaltjies uit die verlede is met soveel oorgawe vertel dat die huidige studente eintlik gewens het hulle kon ook liewer toe hokkie gespeel het.

Een van die veterane by die reünie afrigster van die veelbesproke span van 1972. Sy is 'n senior lektrise by die Departement Liggaamlike Opvoedkunde.

Die huidige eerstespan-afrigster, mev. Margaret Lightbody, het ook van haar hokkie-wedervaringe vertel. Die oud-speelsters het elkeen 'n geskenk van die klub ontvang en huidige kapteine, mej. Linda Scrace, het klubtruie aan van die besonderse oud-speelsters oorhandig.

Vier van die klub se belangrike oud-speelsters, mevv. Bunny Spottiswoode, Madeline Estcourt, Ruth Jeffrey en Kotie Smuts.

Almal het nie meer al die reëls geken nie, maar...

1972-SPAN KLOP VANJAAR S'N

was mev. Bunny Spottiswoode, wat in 1928 vir die klub begin speel het en in 1931 onderkapteine was. Sy het almal laat lag met haar vertellings van die ou hokkievelde van destyds, van die klub se net 17 speelsters (daar was net twee ingeskrewe spanne), die fietsry stasie toe om betyds die trein Kaapstad toe te haal en die eerste oorwinning met Intervarsity.

Mev. Spottiswoode se suster, mej. G. Morrison, was een van die eerste Maties wat volkleure vir hokkie verwerf het. Hulle twee was volgens mev. Spottiswoode die eerste meisies wat dit gewaag het om op Stellenbosch in kortbroeke aan 'n atletiekbyeenkoms deel te neem — tot groot verontwaardiging van die destydse akademiese personeel!

Mev. Madeline Estcourt (gebore Marnham), wat ook gedurende 1928 tot 1931 vir die klub gespeel het en een van die klub se eerste WP-speelsters was, was ook by die reünie. Mev. Ruth Jeffrey — wie se ma, mev. Linnie Garlick, een van die eerste dameshokkie-afrigsters op Stellenbosch was — het vertel van destyds se afrigting en die opoffering wat speelsters en afrigsters gelewer het.

Dr. Beatrice Wiid, wat sedert die vyftigerjare as speelster of afrigster aan die klub verbonde is, het van die meer onlangse verlede vertel. Dr. Wiid het self vir die WP en die SA Universiteite gespeel en was ook die

"Ons hokkiedae op Stellenbosch het 'n baie gunstige invloed op ons gehad. Dit is waarom daar nog altyd so 'n sterk band tussen ons en die klub is," het een van die Oud-Maties ná die reünie gesê.

Die klub wil met alle Oud-Matie-Hokkiespeelsters in verbinding bly. Stuur asseblief u naam (noemnaam, huidige van én nooiensvan), volledige posadres en telefoonnommer, aan mej. Jackie Wiese, Sportkantoor, Universiteit, Stellenbosch, 7600. Meld ook in watter span(ne) u gespeel het en in watter jare u lid van die klub was.

Corné Rossouw (klubkapteine, 1972), Margie Lightbody (spankapteine, 1972, en afrigster van vanjaar se span), dr. Beatrice Wiid (afrigster, 1972) en Linda Scrace (klubkapteine, 1982).

US se sportrykdom ook vir die publiek

HOEWEL die Universiteit sportonderwysers en -administrateurs in die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie oplei en deur die Afdeling Sport en Ontspanning sorg vir die afrigting van alle sportsoorte wat by die Universiteit beoefen word, het daar steeds 'n leemte op sportgebied by US bestaan — om uitwaarts te beweeg en Stellenbosch se rykdom aan sportbesittings met die breë publiek te deel.

Om hierin te voorsien, is die Universiteit se eie Sportinstituut gestig.

Die Instituut beoog om by die Universiteit deskundige afrigting te bied aan enige skool, klub of individu wat dit nodig het. Sportlui sal kursusse in verskillende sportsoorte op Stellenbosch kan bywoon en sertifikate daarin verwerf, alles in oorleg met die betrokke unies en die Onderwysdepartemente.

Prof. Danie Craven, afgetrede hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie, wat tot verlede jaar hoof van die Afdeling Sport en Ontspanning was, is die direkteur van die nuwe Sportinstituut. Mnr. Hennie Bekker, bekende WP- en Springbokrugbyspeler, is die Instituut se sekretaris.

Die Universiteit se sportrykdom bestaan uit die geriewe en die ervare afrigters wat tot die Instituut se beskikking is. "In dié opsig is ons baie gelukkig, want Stellenbosch wemel van goed gekwalifiseerde afrigters wat self gepresteer het in die sportsoorte wat hulle afrig én hulle daarna ook as goeie afrigters bewys het," sê prof. Craven.

Onder dié afrigters is Oud-Maties wat op of naby Stellenbosch woon en by die afrigterskomitees van die verskillende klubs ingeskakel is. Die personeellede van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie en van die Afdeling Sport en Ontspanning sal die Instituut deeltyds, vrywillig help. As dit nodig is, sal die beste afrigters moontlik van buite die Universiteit af ook betrek word.

Wat die gewildste sportsoorte soos atletiek, rugby, dames- en manshokkie, netbal, krieket en tennis betref, wemel dit van bekende name onder die Universiteit se afrigterskorps.

Vir **dameshokkie**, byvoorbeeld, is daar mej. Margaret Lightbody, lektrise in liggaamlike opvoedkunde, wat sameroepster van die nasionale adviserende hokkie-afrigtersraad is, op die WP- en SA keurkomitees dien en ook die Maties se eerste- en tweedespanne afrig.

Mej. Lightbody word bygestaan deur mej. Jackie Wiese, damesportorganiseerder van die Universiteit, wat ook die WP se 0.21-span afrig, voorsitster is van die WP-skeidsregterskomitee en self ook hokkiespanne van die Universiteit afrig. Hulle afrigterskomitee bestaan uit die Springbokke Melanie Muller, Rennie Rose-Innes (gebore Basson) en Arlene Wiles (Coates), asook Debbie Cromhout en die Boland-keurder Corné Rossouw.

Wat **netbal**-afrigting by die Universiteit betref, oorheers die Maties reeds meer as 'n dekade lank die Boland se netbalkompetisie, terwyl daar jaarliks op die inter-universitêre byeenkoms deeglik met hulle rekening gehou moet word.

Netbal-afrigting is onder die leiding van mev. Hantie du Toit, lektrise in die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie. Sy het Springbokspanne afgerig en is 'n keurder van die SA span wat hopelik eersdaags met Springbokkleure erkenning sal kry.

Mev. Du Toit kry hulp van mev. Shiela Foulkes, damesportorganiseerder van die Universiteit, SA keurder, voorsitster van die SA Netbalreëlsraad en afrigster van 'n Springbokmerietespan, die Kay Meyer-span. Mevv. Du Toit en Foulkes rig al die Boland se A-, B- en C-spanne af.

Hulle word met netbalafrigting by die Universiteit gehelp deur mevv. B. Saayman (Springbok en afrigster van die Junior Boland-span) en Dirkie Nel (gebore Badenhorst), ook 'n Springbok, en mejj. S. Barnard (Kay Meyer-speler, Junior Boland-afrigster en Suid-Afrikaanse B-graad

Prof. Danie Craven, direkteur van die Sportinstituut.

Mev. Hantie du Toit ... netbal-afrigting.

Mej. Margaret Lightbody ... dameshokkie.

skeidsregter), E. Zietsman, gewese Boland-afrigster en SA B-graad skeidsregter, en I. Anthonissen, 'n WP- en Boland-speelster.

Wat **atletiek** betref, staan die klub onder die leiding van mnr. Wium Mostert van die Universiteit se Afdeling Sport en Ontspanning en voorsitter van die nasionale keurkomitee, SA Afrigters-advieskomitee, WP-keurkomitee en SA Universiteite-keurkomitee. Hy is ook uitvoerende bestuurslid van die WP-Atletiekvereniging en ondervoorsitter van die WP-Afrigtersvereniging en die SA Universiteite-Atletiekvereniging.

Onder mnr. Mostert se helpers is twee dosente van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie, dr. Bokkie Blaauw (bekende rugby- en atletiekafrigter) en mnr. Corrie Wessels (voormalige SA spiesgooikampioen); asook die junior-Springbok Joseph du Plessis.

Ander bekende name in die atletiekwêreld wat vir die klub afrig, is die Springbokke Alta Wessels (gebore Coetzee), Andries Krogmann, Heidie de Kock en J. Loots (almal SA rekordhouers), Danie Malan (SA rekordhouer en voormalige wêreldrekordhouer) asook Danie Goosen en Emile Rossouw. Verder is daar ook P. Coetzee (WP-rekordhouer), Gawie Malan (SA-rekordhouer), André Franken (WP- en SAU-rekordhouer), Willie Prinsloo (top-ver- en driesprongatleet), I. Kotze (top-skyfwerpatleet, wat ook in gewigstoot uitblink), T. Wessels (SAU-kampioen), J. Oosthuizen (top-SA spiesgooier) en die SA 0.21- en SA Universiteitekampioen K. Kok.

Vir **tennis** het die Universiteit die top-afrigter Philip Söderlund, wat "grootgemaak" is deur die bekende Jaroslav Houba — afrigter van Wimbledon-kampioene soos Drobny. Die Universiteit het vir dié sportsoort reeds 'n instituut, die Jaroslav Houba-tennisinstituut. Naas mnre. Söderlund en Houba is mnr. Houba se seun, Jaroslav (jnr.) en die Springbok en Oud-Matie Rayno Seegers lede van die tennisinstituut se personeel.

Knap afrigting het die Maties se meisies-tennisspan reeds veertien keer ná mekaar die SA Universiteite-byeenkoms laat wen, en daarvoor gesorg dat die mans- en meisiespanne die plaaslike kompetisies oorheers.

Die Matie-**Rugby**klub se talle prestasies is landwyd bekend. Dr. Craven is self voorsitter van die klub se afrigterskomitee. Hy word hierin bygestaan deur die oud-Springbokke Jannie Engelbrecht, Jan (Boland) Coetzee, Piet du Plessis en Dawie Snyman en die voormalige provinsiale spelers Albie Basson, Dawie Swart, Chummy Jankielsohn en Gerhard Pool, asook die altyd gewilde prof. Bun Booyens.

Vir die afrigting van **manshokkie** beskik die Universiteit oor Cari Rose-Innes, wat as die land se top-afrigter beskou word. Vir **krieket** word met van die beste spelers in Suid-Afrika onderhandel om vir die Universiteit afrigting te behartig — name wat volgens dr. Craven enige jong krieketspeler vir prestasie sal laat watertand.

Die Universiteit se rykdom aan sportgeriewe en -vernuf strek selfs verder as hierdie "groot" sportsoorte. Onder die ander Matie-sportklubs wat aan tradisie en prestasie reeds baie opgelewer het, is bofbal, swem, waterpolo, duik, sierswem, boks, branderry, kanovaart (wat reeds vir verskeie Springbokke gesorg het), muurbal (wat groot getalle deelnemers lok), onderwatersportsoorte soos visskiet, skuba en onderwaterhokkie, asook pluimbal, skerm, judo, karate, stoei, gimnastiek, sokker, tafeltennis en vlugbal.

Die Universiteit bied sy eie merietesportbeurse aan vir studente wat daarom aansoek doen — "met ander woorde daar word nie spelers gekoop nie," sê prof. Craven. Vir spesiale gevalle sal die Instituut egter spesiale beurse aanbied, wat hopelik sal kom uit die rente van skenkings wat Oud-Maties en andere aan die Instituut sal doen. Sulke beurse sal die skenkers se name dra.

Die Instituut beoog ook om in samewerking met die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie belangrike sportnavorsing te doen wat afrigters kan help.



Mnr. Hennie Bekker, sekretaris van die Instituut.



Mnr. Wium Mostert . . . atletiekafrigting.

Mnr. Philip Söderlund . . . tennis



Mnr. Cari Rose-Innes . . . manshokkie.



Links: Joepie Loots, nuutverkose Springbok, wat die SA tienkamprekord tot 7 446 punte verbeter het.



Regs: Izak Kotze, wat met 'n beste afstand van 62,06 m in skyfwerp spog.

Foto: Die Burger

Optimisme oor Matie-atletiek

DAAR'S optimisme oor die toekoms van Matie-atletiek. Rede hiervoor is die Matiespan en veral sommige individuele atlete se prestasies die afgelope seisoen.

Die Matie-mans het byvoorbeeld die spantitel gebuit op die SA Universiteite-landloopkampioenskapsbyeenkoms wat vroeg in Julie op Stellenbosch gehou is, met die vrouespan tweede. Die volgende dag het die vrouespan van die Maties die SAU-padaflos gewen.

Op die Mielieraad-SAU-byeenkoms (Dalrymple) in Desember verlede jaar het die Matiespan tweede geëindig — net nege punte agter die wenners, Tukkies.

Individuele prestasies deur topatlete van die Maties was in die afgelope seisoen ook volop:

- Joepie Loots het die SA tienkamprekord oortref en is tot Springbok verkies;
- André Franken (Matie-kaptein), Henning Gericke, Izak Kotze en Bambie Heiberg is op grond van hulle uitstaande prestasies in die Nedbank-Junior-Springbokspan ingesluit;
- Pietie Roux, seun van die befaamde Oud-Matie Mannetjies Roux — het 'n Suid-Afrikaanse o.19-paalspringrekord behaal;
- Schalk Burger het die SA o.19-vyfkamprekord oortref;
- Victor Liebenberg was eerste en Johan Daffue tweede met die SA Universiteite se landloop-kampioenskapsbyeenkoms. Bambie Heiberg het die vroue-titel op dié byeenkoms ingepalm;
- Stephen Donald, Ferdi Vermeulen en Marianne Olivier het gesorg dat die Maties se naam in padwedlope hoog gehou word, en het veral in die marathon uitstekende prestasies behaal.

Watter krag die Maties in WP-atletiek geword het, blyk daaruit dat die Atletiekklub die afgelope seisoen 64 persent van die lede van alle WP-spanne opgelewer het.

Die klub kan nie net op sy atlete se prestasies trots wees nie, maar ook op die uitstekende geriewe wat nou vir atletiek op Coetzenburg beskikbaar is. In die afgelope jaar of wat is 'n aantal projekte deurgevoer wat van die Stellenbosch-Atletiekklub een van die bes toegerustes in die land maak.

So is daar vroeg verlede jaar 'n

Onder: Top-langafstandatlete Victor Liebenberg en Johan Daffue het in Januarie vanjaar aan wedlope in Europa deelgeneem. As aandenking hieraan oorhandig Liebenberg (links) 'n stel gemonteerde klompe aan die klubvoorsitter, mnr. Jannie Momberg. Regs is nog 'n Matie-langafstandatleet, Stephen Donald, wat 'n beste marathontyd van 2:17:48 het.

Regs onder: Prof. Roux de Villiers, aan wie onlangs by die klub se jaarvergadering lewenslidmaatskap toegeken is, en mnre. Hennie Smit en Graham Boonzaier, wat ere-klubkleure ontvang het. Mnr. Smit, wat by dié geleentheid nog minister van Pos- en Telekommunikasiewese was, het sy spykerskoene waarmee hy deelgeneem het toe hy as jong Matie lid van die klub was, as aandenking aan die klub oorhandig.



nuwe beligtingstelsel vir die Coetzenburg-atletiekstadion geïnstalleer wat direkte televisie-uitsendings van aand-byeenkomste moontlik maak. Coetzenburg is nou een van die enigste stadions in die land wat met so 'n uitstekende beligtingstelsel kan spog.

Twee nuwe sintetiese aanlope is in die afgelope jaar voltooi:

- 'n ver-, drie- en paalspring-aanloop reg voor die paviljoen aan die binnekant van die baan — wat dit vir die toeskouers moontlik maak om die atlete se prestasies sonder hindernis waar te neem; en
- 'n spiesgooi-aanloop — wat die atlete in staat stel om in alle weersomstandighede te presteer.

'n Groot skenking deur 'n Stellenbosse atletiekgeesdriftige en vriend van die klub, mnr. Graham Boonzaier, wynboer van die landgoed Blaawklippen, het die oprigting van die spiesgooi-aanloop moontlik gemaak.

Ander borge het die klub gehelp om duur, moderne apparate te bekom wat vir 'n groot klub soos dié onontbeerlik is — soos 'n Accutrack-tydapparaat (waarmee elektroniese tyd geneem word) en 'n rekenaar.

Sonder 'n elektroniese tydapparaat is top-atletiekbyeenkomste deesdae nie moontlik nie. Die rekenaar word gebruik om statistiek, ranglyste, al die klub se rekords, die naam- en adreslyste van oud-klublede en ander inligting te berg.

Die klub het ook onlangs sy nuwe, uitstekend toegeruste gimnasium die eerste keer betrek.

Volgende aan die beurt is 'n nuwe atletieksentrum, wat hopelik teen die einde van die jaar voltooi sal wees. Dit word in die "ou Sportkantoor" onder die Coetzenburg-stadion ingerig en sal onder meer kantore, 'n komiteekamer en 'n ontspanningslokaal op twee vlakke bevat.

Tussen prestasies en ontwikkeling deur tref die klub voorbereidings vir sy eeufees, wat in 1985 gevier word. Die klub is een van die oudste atletiekklubs in die land.

In Maart vanjaar het die klub 'n vleisbraai gehou, om die bal aan die rol te sit vir die feesvieringe oor drie jaar, en om 'n jaarlikse geleentheid te skep waarop Oud-Matie-atlete kan bymekaarkom.

Met die oog op 'n eeufeespublikasie doen dr. Floris van der Merwe van die Universiteit se Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Rekreasie navorsing oor die klub se geskiedenis.

Oud-Maties wat inligting oor die Atletiekklub se verlede kan verskaf, skenkings wil doen of wil verseker dat hulle met die klub in verbinding bly, kan hulle name, adresse en besonderhede oor hulle verbintenis met die klub stuur aan die sekretaris, mnr. Nelis Swart, Stellenbosch-Atletiekklub, Universiteit, Stellenbosch, 7600 (tel. 02231 — 77684).

Bo, van links af:

Pietie Roux, wat die SA onder 19-rekord in die paalspring na 4,75 m opgeskuif het. Hy is die seun van die Oud-Matie en oud-rugby-Springbok Mannetjies Roux. Foto: Rapport

Henning Gericke, wat slegs die agste Suid-Afrikaner was wat die 3:40 sekonde-grens in die 1 500 m kon breek, met 'n prestasie van 3:39,9.

Schalk Burger wat die SA onder 19-vyfkamprekord met 'n puntetotaal van 3 387 verbeter het.

Bambie Heiberg, middelafstandatleet, wat twee nuwe WP (huishoudelike) rekords in die 1 500 m (4:18,0) en 3 000 m (9:14,8) opgestel het en die SA Universiteite-landlooptitel onlangs verower het.

Foto: Rapport

Onder: Matie-kaptein André Franken, wat 'n nuwe WP (huishoudelike) rekord van 5,02 m in die paalspring opgestel het. Foto: Die Burger

Vierde keer

Die Springbok en Oud-Matie Stefan Hugo wat die Bergrivier-kanomarathon se mondigwording op 'n gepaste namier gevier het deur die eerste te word om dié moordende marathon van 256 km tussen die Paarl en Velddrif die vierde keer te wen. Nog twee Maties, Springbokke André Collins en Pierre van der Merwe, was onderskeidelik tweede en derde. Die eerste vrou oor die wenstreep was Ritzie Lincoln, ook 'n Oud-Matie, wat 194 van die mans in die marathon geklop het.

Foto: Eikestadnuus



Jonges onoorwonne

Op die SA Universiteite se onder 20-rugbytoernooi wat die afgelope wintervakansie in Kaapstad gehou is, het die Maties die gedugte Kovsie-span in die "eindstryd" 16-12 geklop en as die enigste onoorwonne span uit die stryd getree. Die Matie-o.20's het ook die eerste houer geword van 'n wisseltrofee wat jaarliks toegeken gaan word aan die span wat in die toernooi die meeste drieë druk. In die wedstryd teen die Kovsies skepskop Shaun McCulley, losskakel van die Maties, hier pale toe. Hy het nege punte tot die oorwinning van 16-12 bygedra.

Foto: Die Burger

Tennisklub kry nuwe sentrum

DIE nuwe hoofkwartier van die Universiteit se tennisklub — die eerste universiteits-tennisopleidingsentrum in die land — word op 3 Maart volgende jaar geopen.

'n Kantoor, klublokaal, kleedkamers en agt nuwe bane (vyf met spreiligte) asook 'n onderdakoefenbaan met spreiligte is deel van die sentrum.

Die onderdakbane is uitsluitlik vir tennis ontwerp en sal net daarvoor gebruik word.

Weerstoestande sal nie soos nou tennis-afrigting en -oefening beïnvloed nie. Vanweë die nuwe geriewe sal die Universiteit se beste tennisspelers soveel as moontlik kan oefen.

Interkoshuis-ligawedstryde sal ook op weekdae afgehandel kan word en reëlings vir die uitstel van wedstryde en die speel van onvoltooide ligawedstryde gaan baie vergemaklik word.

Interne toernooie en wedstryde van die klub — wat nou weke lank duur — gaan met die nuwe tennissentrum binne enkele dae afgehandel word.

Die ingebruikneming van die sentrum op Saterdag 3 Maart 1983 word met 'n saamtrek van oud-lede van die tennisklub gevier.

Volkskas het 'n voorspoeddiens vir elkeen van jou pa-en-ma-en-kleindingdae.

'n Nuwe kleinding. Groot dae. En groot bekommernisse. Gelukkig is die Volkskas-bestuurder daar. Met 'n spaarrekening vir die hy-moet-vroeg-leer-spaar-dae. Versekering vir die sê-nou-iets-gebeur-met-my-dae. Finansiering vir die ons-het-'n-tuimeldroër-nodig-skat-dae. Oortrekkings vir die sal-hy-regkom-dokter-dae. Kredietkaarte vir die hy't-al-weer-uit-sy-kleurbaadjie-uitgegroei-dae. Toekomshulp vir die sorg-net-dat-jy-jou-graad-kry-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al julle dae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.

de Villiers en Kie. 78170/1

Die Room van die Oes is in Rembrandt van Rijn

Onmiskenbaar is die smaak van Rembrandt van Rijn. Dis alles tabak, suiwer tabak, die room van die oes – kundig vermeng tot volmaakte geur en smaak. Uitmuntende kwaliteit, sorg en vakmanskap maak Rembrandt van Rijn die meesterstuk in sigarette.

ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK

VRF 283/27A